

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT



UITGAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES-AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Thursday, 10th September, 1964

WINDHOEK

Donderdag, 10 September 1964

No. 2579

CONTENTS

INHOUD

Page/Bladsy

ACTS—

No. 81/1962 (Republic) Legal Practitioners' Amendment Act, 1962	
No. 61 (Republic) Banking Amendment Act, 1964	
No. 62 (Republic) Building Societies Amendment Act, 1964	
No. 63 (Republic) Attorneys, Notaries and Conveyancers Admission Amendment Act, 1964	
No. 64 (Republic) Police Amendment Act, 1964	
No. 74 (Republic) Admission of Advocates, Act, 1964	
No. 78 (Republic) South African Mint and Coinage Act, 1964	
No. 80 (Republic) General Law Amendment Act, 1964	
No. 81 (Republic) Defence Amendment Act, 1964	
No. 84 (Republic) Pension Laws Amendment Act, 1964	

WETTE—

(Republiek) Wysigingswet op Regspraktisyns, 1962	1025
(Republiek) Bankwysigingswet, 1964	1027
(Republiek) Wysigingswet op Bouverenigings, 1964	1045
(Republiek) Wysigingswet op die Toelating van Prokureurs, Notarisse en Transportbesorgers, 1964	1056
(Republiek) Wysigingswet op Polisie, 1964	1065
(Republiek) Wet op die Toelating van Advokate, 1964	1070
(Republiek) Wet op die Suid-Afrikaanse Munt en Munte, 1964	1076
(Republiek) Algemene Regswysigingswet, 1964	1082
(Republiek) Wysigingswet op Verdediging, 1964	1085
(Republiek) Wysigingswet op die Pensioenwette, 1964	1089

No. 81, 1962 (Republic).]

ACT

To amend the Attorneys, Notaries and Conveyancers Admission Act, 1934, and the Attorneys' Admission Amendment and Legal Practitioners' Fidelity Fund Act, 1941.

(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 22nd June, 1962.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. Section *sixteen* of the Attorneys, Notaries and Conveyancers Admission Act, 1934 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution in sub-section (4) for the words "If the attorney under whom an articulated clerk has served, has died, or for any other reason discontinued practice, cession of the articles of such clerk shall be deemed to have been validly executed if it is signed on behalf of such attorney" of the words "If cession of the articles of a clerk has been directed in terms of paragraph (c) of the proviso to section *twenty*, cession of such articles shall be deemed to have been validly executed if it is signed on behalf of the attorney concerned".

2. Section *twenty* of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for all the words before the proviso to the said section of the words "Subject to the provisions of section *nineteen*, every clerk

No. 81, 1962 (Republiek).]

WET

Tot wysiging van die Toelating van Prokureurs, Notarisse en Transportbesorgers Wet, 1934, en die Toelating van Prokureurs Wysigings- en Regspraktisynsgetrouheidsfonds-wet, 1941.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 22 Junie 1962.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel *sestien* van die Toelating van Prokureurs, Notarisse en Transportbesorgers Wet, 1934 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur in sub-artikel (4) die woorde "Indien die prokureur onder wie 'n ingeskrewe klerk gedien het, oorlede is, of om enige ander rede opgehou het om te praktiseer, word cessie van die leerkontrak van so 'n klerk geag regtens verly te gewees het indien dit namens so 'n prokureur" deur die woorde „Indien cessie van die leerkontrak van 'n klerk ingevolge paragraaf (c) van die voorbehoudsbepaling by artikel *twintig* gelas is, word cessie van die leerkontrak geag regtens verly te gewees het indien dit namens die betrokke prokureur" te vervang.

2. Artikel *twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur al die woorde voor die voorbehoudsbepaling by daardie artikel deur die woorde „Behoudens die bepalings van artikel *negentien* moet elke klerk"

articled to an attorney shall, during the whole term of service specified in the articles of clerkship, be and continue to be in the actual employment of and in the office where such attorney is practising and under his direct personal supervision or under that of his partner or partners or manager, being an attorney, or, in the case of a clerk articled to the State Attorney or to a member of his professional staff, in the employment of the Government and in the office of the said State Attorney or in any branch thereof and under his direct personal supervision or under that of a member of his professional staff.”;

- (b) by the substitution in paragraph (a) of the proviso thereto for the words “fifteen pounds” of the words “fifty rand”;
- (c) by the substitution in paragraph (c) of the proviso thereto for the words “or other similar and sufficient cause” of the words “or any other cause”; and by the substitution in the said paragraph for the word “court” of the words “law society concerned”;
- (d) by the addition to the proviso thereto of the following paragraph:

“(d) one half of any period of absence from the office of such attorney by such clerk as a result of any training undergone by him in the South African Defence Force in terms of section *three* of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957) shall, subject to a maximum period of three months, be deemed to have been served under such articles of clerkship.”.

3. Section *twenty-one* of the principal Act is hereby amended by the addition of the following sub-section:

“(4) An attorney to whom any articled clerk referred to in paragraph (b), (c) or (d) of sub-section (3) is articled, shall pay to such clerk a salary of not less than fifty rand per month from the date on which such clerk becomes entitled to appear in court in terms of the said sub-section.”.

4. Section *thirty* of the principal Act is hereby amended by the substitution for all the words before paragraph (a) of the words “The Minister of Justice may, after consultation with the Chief Justice of South Africa and the presidents of the several law societies and, in the case of regulations made under paragraph (b), (c) or (f), also after consultation with the several universities in South Africa having faculties of law and the Board for the Recognition of Examinations in Law established by section *sixteen* of the Universities Act, 1955 (Act No. 61 of 1955), make regulations for the purpose of determining and prescribing—”.

5. Section *thirty-two* of the principal Act is hereby amended by the substitution in sub-section (5) for the words “one hundred pounds” of the words “two hundred rand”.

6. Section *thirty-two bis* of the principal Act is hereby amended by the substitution in sub-section (1) for the words “one hundred pounds” of the words “two hundred rand”.

7. Section *thirty-three* of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the insertion after sub-section (2) of the following sub-section:

“(2)*bis* For the purposes of sub-sections (1) and (2) the expression ‘books of account’ includes any record or document relating to any estate of a deceased person or any insolvent estate or any estate placed under curatorship in respect of which any attorney, notary or conveyancer is the executor, trustee or curator or which any attorney, notary or conveyancer is administering on behalf of the executor, trustee or curator of that estate.”;

onder leerkontrak by ’n prokureur gedurende die gehele dienstertmyn in die leerkontrak bepaal in die werklike diens en in die kantoor waar daardie prokureur praktiseer en onder sy direkte persoonlike toesig of onder dié van sy vennoot of vennote of bestuurder wat ’n prokureur is, of, in die geval van ’n klerk onder leerkontrak by die Staatsprokureur of by ’n lid van sy professionele personeel, in die diens van die Regering en in die kantoor van bedoelde Staatsprokureur of in ’n tak daarvan en onder sy direkte persoonlike toesig of onder dié van ’n lid van sy professionele personeel, wees en bly:” te vervang;

- (b) deur in paragraaf (a) van die voorbehoudsbepaling daarby die woorde „vyftien pond” deur die woorde „vyftig rand” te vervang;
- (c) deur in paragraaf (c) van die voorbehoudsbepaling daarby die woorde „of ander dergelyke en genoegsame rede” deur die woorde „of enige ander rede” te vervang; en deur in genoemde paragraaf die woord „hof” deur die woorde „betrokke wetsgenootskap” te vervang;
- (d) deur by die voorbehoudsbepaling daarby die volgende paragraaf te voeg:

„(d) een helfte van enige tydperk van afwesigheid van die kantoor van daardie prokureur deur daardie klerk as gevolg van opleiding deur hom ondergaan in die Suid-Afrikaanse Weermag ingevolge artikel *drie* van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), geag word, onderworpe aan ’n maksimum van drie maande, onder daardie leerkontrak gedien te gewees het.”.

3. Atrikel *een-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende sub-artikel daarby te voeg:

“(4) ’n Prokureur by wie ’n klerk onder leerkontrak bedoel in paragraaf (b), (c) of (d) van sub-artikel (3) onder leerkontrak in diens is, betaal aan sodanige klerk ’n salaris van minstens vyftig rand per maand vanaf die datum waarop sodanige klerk ingevolge bedoelde sub-artikel geregtig word om in die hof te verskyn.”.

4. Artikel *dertig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur al die woorde voor paragraaf (a) deur die woorde „Die Minister van Justisie kan na oorleg met die Hoofregter van Suid-Afrika en die presidente van die verskillende wetsgenootskappe en, in die geval van regulasies opgestel kragtens paragraaf (b), (c) of (f), ook na oorleg met die verskillende universiteite in Suid-Afrika met regs fakulteite en die Raad vir die Erkenning van Regseksamens ingestel by artikel *sestien* van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet No. 61 van 1955), regulasies opstel vir die doel om vas te stel en voor te skrywe—” te vervang.

5. Artikel *twee-en-dertig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (5) die woorde „honderd pond” deur die woorde „tweehonderd rand” te vervang.

6. Artikel *twee-en-dertig bis* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (1) die woorde „honderd pond” deur die woorde „tweehonderd rand” te vervang.

7. Atrikel *drie-en-dertig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur na sub-artikel (2) die volgende sub-artikel in te voeg:

„(2)*bis* By die toepassing van sub-artikels (1) en (2) sluit die uitdrukking „rekeningboeke” enige aantekening of dokument wat betrekking het op ’n boedel van ’n oorlede persoon of ’n insolvente boedel of ’n boedel onder kuratorskap geplaas, ten opsigte waarvan ’n prokureur, notaris of transportbesorger die eksekuteur, trustee of kurator is of wat ’n prokureur, notaris of transportbesorger administreer namens die eksekuteur, trustee of kurator van daardie boedel, in.”;

- (b) by the substitution in sub-section (7) for the words "one hundred pounds" of the words "two hundred rand"; and
- (c) by the addition thereto of the following sub-section:

"(8) Any bank at which any attorney, notary or conveyancer keeps such trust account shall, whenever so required by the council of the law society of the province in which such attorney, notary or conveyancer is practising, furnish to such council a signed certificate of balance certifying the amount standing to the credit (or debit if such be the case) of such trust account in the bank as at such date or dates as may be specified by the council."

11. This Act shall be called the Legal Practitioners' Amendment Act, 1962.

- (b) deur in sub-artikel (7) die woorde „honderd pond” deur die woorde „tweehonderd rand” te vervang; en
- (c) deur die volgende sub-artikel daarby te voeg:

„(8) Enige bank waar 'n prokureur, notaris of transportbesorger sodanige trustrekening hou, moet, wanneer aldus gelas deur die raad van die wetsgenootskap van die provinsie waarin sodanige prokureur, notaris of transportbesorger praktiseer, aan sodanige raad 'n ondertekende sertifikaat van balans verstrek waarin gesertifiseer word die bedrag wat op krediet (of debiet as dit die geval is) van sodanige trustrekening in die bank staan op die datum of datums wat deur die raad vermeld word."

11. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Regspraktisyns, 1962.

No. 61, 1964 (Republic).]

ACT

To amend the Banking Act, 1942.

*(English text signed by the State President).
(Assented to 16th June, 1964.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. Section one of the Banking Act, 1942 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

- (a) by the substitution in sub-section (1) for the definition of "banking institution" of the following definition:

"'banking institution' or 'institution' means a commercial bank or a discount house or a general bank or a hire-purchase bank or a merchant bank or a savings bank;";

- (b) by the deletion in that sub-section of the definitions of "demand liability", "deposit-receiving institution", "director" and "guarantee deposits", and the insertion in that sub-section in the stead of the said definitions of the following definitions:

"'discount house' means a person whose business consists of discounting or buying and selling or investing in the securities referred to in sub-section (1) of section twenty-two and also of accepting, predominantly against the pledge of such securities, loans repayable on demand or at short notice from the institutions referred to in sub-section (2) of the said section:

'co-operative society' means a co-operative society or co-operative company registered under the laws relating to co-operative societies and co-operative companies;

'general bank' means a person who carries on the business of accepting deposits, but does not include a commercial bank or a hire-purchase bank or a merchant bank or a savings bank;

'hire-purchase bank' means a person who carries on the business of accepting deposits and of whose other business the financing of hire-purchase transactions forms a substantial part;

'Land Bank' means the Land and Agricultural Bank of South Africa;";

- (c) by the substitution in that sub-section for the definition of "liquid assets" of the following definition:

"'liquid assets' means the aggregate amount of—

- (a) Reserve Bank notes and subsidiary coin;
- (b) credit balances with the Reserve Bank;

No. 61, 1964 (Republiek).]

WET

Tot wysiging van die Bankwet, 1942.

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken).
(Goedgekeur op 16 Junie 1964.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel een van die Bankwet, 1942 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

- (a) deur in sub-artikel (1) die omskrywing van „bankinstelling” deur die volgende omskrywing te vervang:

„'bankinstelling' of 'instelling' 'n handelsbank of 'n diskontohuis of 'n algemene bank of 'n huurkoopbank of 'n aksepbank of 'n spaarbank;";

- (b) deur in daardie sub-artikel die omskrywings van „onmiddellik opeisbare verpligting”, „depositone-mende instelling”, „direkteur” en „garansiedeposito's” te skrap en die volgende omskrywings in die plek daarvan in daardie sub-artikel in te voeg:

„'diskontohuis' 'n persoon wie se besigheid bestaan uit die verdiskontering of koop en verkoop van of belegging in die in sub-artikel (1) van artikel twee-en-twintig vermelde sekuriteite, en ook uit die aangaan, oorwegend teen verpanding van sodanige sekuriteite, van onmiddellik of met kort kennisgewing opeisbare lenings by die instellings in sub-artikel (2) van bedoelde artikel vermeld;

„'koöperatiewe vereniging' 'n koöperatiewe vereniging of koöperatiewe maatskappy wat ingevolge die wetsbepalings of koöperatiewe verenigings en koöperatiewe maatskappye geregistreer is;

„'algemene bank' 'n persoon wat die neem van deposito's as bedryf uitoefen, maar nie ook 'n handelsbank of 'n huurkoopbank of 'n aksepbank of 'n spaarbank nie;

„'huurkoopbank' 'n persoon wat die neem van deposito's as bedryf uitoefen en van wie se ander besigheid die finansiering van huurkooptransaksies 'n belangrike deel uitmaak;

„'Landbank' die Landbank- en Landboubank van Suid-Afrika;";

- (c) deur in daardie sub-artikel die omskrywing van „likwiede bate” deur die volgende omskrywing te vervang:—

„'likwiede bates' die totaalbedrag aan—

- (a) Reserwebanknote en pasmunt;
- (b) kreditsaldo's by die Reserwebank;

- (c) deposits withdrawable on demand with the National Finance Corporation;
- (d) deposits withdrawable on demand with a banking institution which is required to maintain a reserve balance with the Reserve Bank;
- (e) loans to discount houses repayable on demand;
- (f) Union treasury bills;
- (g) stocks of the Government with a maturity to the latest redemption date of not more than three years;
- (h) bills issued by the Land Bank and advances to the said bank which, at the option of the lender, are convertible into bills;
- (i) debentures of the Land Bank with a maturity of not more than three years;
- (j) acceptances of a banking institution which is required to maintain a reserve balance with the Reserve Bank, not being acceptances of the banking institution concerned itself;
- (k) self-liquidating bills or promissory notes arising out of the movement of goods, with a maturity not exceeding one hundred and twenty days, or six months in the case of agricultural bills, and which are eligible for discount by the Reserve Bank; and
- (l) such other assets as the Registrar may by notice in the *Gazette* approve for the purposes of this definition;”;
- (d) by the insertion in that sub-section after the definition of “liquid assets” of the following definitions:
- “ ‘long-term liability’, in relation to any date, means a liability which is payable after the expiration of at least six months as from that date or which on that date is subject to at least six months’ notice before becoming payable;
- ‘medium-term liability’, in relation to any date, means a liability which is payable after the expiration of a period of not less than thirty days but less than six months as from that date, or which on that date is subject to not less than thirty days’ but less than six months’ notice before becoming payable, and includes savings deposits;
- ‘merchant bank’ means a person carrying on a business of which the acceptance of bills which are eligible for discount by the Reserve Bank forms a substantial part, and who also accepts deposits;”;
- (e) by the substitution in that sub-section for the definition of “Minister” of the following definition: “ ‘Minister’ means the Minister of Finance;”;
- (f) by the insertion in that sub-section after the definition of “Minister” of the following definition: “ ‘National Finance Corporation’ means the National Finance Corporation of South Africa established by section two of the National Finance Corporation Act, 1949 (Act No. 33 of 1949);”;
- (g) by the deletion in that sub-section of the definition of “people’s bank”;
- (h) by the insertion in that sub-section after the definition of “person” of the following definition: “ ‘prescribed investments’ means the aggregate amount of—
- (a) liquid assets;
- (b) deposits with any banking institution which is required to maintain a reserve balance with the Reserve Bank, other than deposits ranking as liquid assets;
- (c) deposits with a permanent building society whose total assets as the end of the last preceding quarter amounted to not less than ten million rand;
- (d) deposits with a local authority within the Union;
- (e) deposits with the National Finance Corporation and loans to discount houses, other than deposits or loans ranking as liquid assets;
- (c) onmiddellik opeisbare deposito’s by die Nasionale Finansiële korporasie;
- (d) onmiddellik opeisbare deposito’s by ’n bankinstelling wat ’n reserwesaldo by die Reserwebank in stand moet hou;
- (e) onmiddellik opeisbare lenings aan diskontohuise;
- (f) Unieskatkiesbewyse;
- (g) effekte van die Regering waarvan die laaste aflosdatum binne drie jaar val;
- (h) wissels deur die Landbank uitgereik en voorskotte aan vermelde bank wat na keuse van die uitlener in wissels omgesit kan word;
- (i) obligasies van die Landbank wat binne drie jaar verval;
- (j) aksepte van ’n bankinstelling wat ’n reserwesaldo by die Reserwebank in stand moet hou, maar nie ook aksepte van die betrokke bankinstelling self nie;
- (k) self-likwiderende wissels of promesses wat uit die beweging van goedere ontstaan, wat binne hoogstens honderd-en-twintig dae of, in die geval van landbouwissels, ses maande verval, en wat deur die Reserwebank verdiskonteer kan word; en
- (l) die ander bates wat die Registrateur vir die doeleindes van hierdie omskrywing by kennisgewing in die *Staatskoerant* goedkeur;”;
- (d) deur in daardie sub-artikel na die omskrywing van „likwiede bates” die volgende omskrywings in te voeg:
- „ ‘langtermynverpligting’, met betrekking tot die een of ander datum, ’n verpligting wat na verloop van minstens ses maande vanaf daardie datum betaalbaar is of wat op daardie datum aan minstens ses maande kennis van opsegging onderworpe is voordat dit betaalbaar word;
- „ ‘middeltermynverpligting’, met betrekking tot die een of ander datum, ’n verpligting wat na verloop van ’n tydperk van minstens dertig dae maar minder as ses maande vanaf daardie datum betaalbaar is, of wat op daardie datum aan minstens dertig dae maar minder as ses maande kennis van opsegging onderworpe is voordat dit betaalbaar word, en is daarby ook ’n spaardeposito inbegrepe;
- „ ‘akseptebank’ ’n persoon wat ’n bedryf uitoefen waarvan die aksepteer van wissels wat deur die Reserwebank verdiskonteer kan word ’n belangrike deel uitmaak, en wat ook deposito’s neem;”;
- (e) deur in daardie sub-artikel die omskrywing van „Minister” deur die volgende omskrywing te vervang: „ ‘Minister’ die Minister van Finansies;”;
- (f) deur in daardie sub-artikel na die omskrywing van „Minister” die volgende omskrywing in te voeg: „ ‘Nasionale Finansiële korporasie’ die Nasionale Finansiële korporasie van Suid-Afrika ingestel by artikel twee van die Wet op die Nasionale Finansiële korporasie, 1949 (Wet No. 33 van 1949);”;
- (g) deur in daardie sub-artikel die omskrywing van „volksbank” te skrap;
- (h) deur in daardie sub-artikel na die omskrywing van „persoon” die volgende omskrywing in te voeg: „ ‘voorgeskrewe beleggings’ die totaalbedrag aan—
- (a) likwiede bates;
- (b) deposito’s by ’n bankinstelling wat ’n reserwesaldo by die Reserwebank in stand moet hou, behalwe deposito’s wat as likwiede bates geld;
- (c) deposito’s by ’n permanente bouvereniging waarvan die totale bates aan die einde van die jongste voorafgaande kwartaal minstens tien miljoen rand beloop het;
- (d) deposito’s by ’n plaaslike bestuur binne die Unie;
- (e) deposito’s by die Nasionale Finansiële korporasie en lenings aan diskontohuise, behalwe deposito’s of lenings wat as likwiede bates geld;

- (f) stocks of the Government, other than those ranking as liquid assets;
- (g) debentures or stock guaranteed by the Government;
- (h) stocks of and loans to any local authority in the Union;
- (i) debentures or stock of the Rand Water Board or the Electricity Supply Commission;
- (j) debentures of the Land Bank, other than those ranking as liquid assets; and
- (k) such other investments as the Registrar may by notice in the *Gazette* approve for the purposes of this definition;";

- (i) by deletion in that sub-section of the definitions of "loan bank" and "time liability" and the insertion in that sub-section in the stead of those definitions of the following definitions:

"'savings account' means an account which a depositor maintains with a banking institution and in which he may not keep a larger credit balance and from which he may not without the consent of the institution make a withdrawal at shorter notice, in relation to the amount to be withdrawn, than is determined by the rules or articles of the institution;

'savings bank' means a person who carries on the business of accepting deposits and of whose other business the granting of loans against the security of fixed property or surety bonds forms a substantial part;

'savings deposit' means a credit balance in a savings account;

'short-term liability', in relation to any date, means a liability which is payable within thirty days as from that date or which on that date is subject to less than thirty days' notice before becoming payable;

'Treasury' means the Minister or any officer in the Department of Finance authorized by the Minister to perform any function assigned to the Treasury by this Act;";

- (j) by the substitution for sub-section (1)bis of the following sub-section:

"(1)bis A person shall be deemed to be carrying on the business of accepting deposits of money for the purposes of this Act notwithstanding that such deposits are limited to fixed amounts or that certificates or other instruments are issued in respect of any such amounts providing for the repayment to the holder thereof either conditionally or unconditionally of the amounts of the deposits at specified or unspecified dates or for the payment of interest on the amounts deposited at specified intervals or otherwise, or that such certificates are transferable: Provided that the acceptance of moneys against debentures issued in compliance with the provisions of sub-section (3) of section *seventy-seven* of the Companies Act, 1926 (Act No. 46 of 1926), shall not be deemed to be the business of accepting deposits of money for the purposes of this Act.";

- (k) by the substitution for sub-section (2) of the following sub-sections:

"(2) A person shall be deemed to be carrying on the business of accepting deposits for the purposes of this Act—

- (a) if in the opinion of the Registrar he accepts, as a regular feature of his business, deposits from the general public; or
- (b) if he solicits or advertises for such deposits:

Provided that for the purposes of this sub-section—

- (i) employees shall also be deemed to constitute the general public in relation to the person by whom they are employed;
- (ii) deposits shall be deemed to include loans entered into without security or against security

- (f) effekte van die Regering behalwe dié wat as likwiede bates geld;
- (g) obligasies of effekte deur die Regering gewaarborg;
- (h) effekte van en lenings aan 'n plaaslike bestuur in die Unie;
- (i) obligasies of effekte van die Randwaterraad of die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie;
- (j) obligasies van die Landbank behalwe dié wat as likwiede bates geld; en
- (k) die ander beleggings wat die Registrateur vir die doeleindes van hierdie omskrywing by kennisgewing in die *Staatskoerant* goedkeur;";

- (i) deur in daardie sub-artikel die omskrywings van „leningsbank” en „termynverpligting” te skrap en in die plek van bedoelde omskrywings die volgende omskrywings in daardie sub-artikel in te voeg:

„'spaarrekening' 'n rekening wat 'n deposant by 'n bankinstelling hou en waarop hy nie 'n groter kreditsaldo in stand mag hou, en waaruit hy nie sonder toestemming van die instelling 'n opvraging op korter kennis met betrekking tot die opgevraagde bedrag kan maak, as wat die reëls of statute van die instelling bepaal nie;

'spaarbank' 'n persoon wat die neem van deposito's as bedryf uitoefen en van wie se ander besigheid die verstrek van lenings teen sekerheid van vaste eiendom of van borgaktes 'n belangrike deel uitmaak;

'spaardeposito' 'n kreditsaldo op 'n spaarrekening; 'korttermynverpligting', met betrekking tot die een of ander datum, 'n verpligting wat binne dertig dae vanaf daardie datum betaalbaar is, of wat op daardie datum aan minder as dertig dae kennis van opsegging onderworpe is voordat dit betaalbaar word;

'Tesourie' die Minister of 'n amptenaar van die Departement van Finansies wat deur die Minister gemagtig is om 'n werkzaamheid deur hierdie Wet aan die Tesourie opgedra, te verrig;";

- (j) deur sub-artikel (1)bis deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(1)bis 'n Persoon word by die toepassing van hierdie Wet geag die aanneem van deposito's as bedryf uit te oefen al word bedoelde deposito's tot vasgestelde bedrae beperk en al word sertifikate of ander stukke ten opsigte van bedoelde bedrae uitgereik wat voorsiening maak vir die terugbetaling aan die houer daarvan, hetsy voorwaardelik of onvoorwaardelik, van die bedrae van die deposito's op bepaalde of onbepaalde datums of vir die betaling van rente op die gedeponeerde bedrae met bepaalde tussenpose of andersins en al is bedoelde sertifikate oordragbaar: Met dien verstande dat die aanname van geld teen obligasies ter voldoening aan die bepalings van sub-artikel (3) van artikel *sewe-ensewentig* van die Maatskappywet, 1926 (Wet No. 46 van 1926), uitgereik, nie by die toepassing van hierdie Wet die aanneem van deposito's as bedryf geag word nie.";

- (k) deur sub-artikel (2) deur die volgende sub-artikels te vervang:

„(2) 'n Persoon word by die toepassing van hierdie Wet geag die neem van deposito's as bedryf uit te oefen—

- (a) indien dit na die Registrateur se oordeel 'n staande kenmerk van sy besigheid is om deposito's van die algemene publiek te neem; of
- (b) indien hy sodanige deposito's werf of daarvoor adverteer:

Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie sub-artikel—

- (i) werknemers ook met betrekking tot die persoon by wie hulle in diens is, geag word die algemene publiek uit te maak;
- (ii) deposito's geag word lenings in te sluit wat aangegaan is sonder sekuriteit of teen sekuriteit

which in the opinion of the Registrar is insufficient;

- (iii) a person (including any co-operative society) shall not be deemed to be carrying on such business if he does not at any time hold deposits from more than twenty persons and does not at any time hold deposits amounting in the aggregate to more than five hundred thousand rand; and
- (iv) a co-operative society shall not be deemed to be carrying on such business by reason only of the fact that it borrows money from its members in accordance with the provisions of sub-section (2) *bis*.

(2) *bis* A co-operative society (hereinafter referred to as the society) may borrow money from its members on the following conditions, namely—

- (a) that no loan from any one member shall amount to less than one hundred rand, and for the purposes of this paragraph every successive loan from any particular member shall be regarded as a separate loan;
- (b) that a loan shall not be repaid within twelve months after receipt;
- (c) that the society shall in respect of each loan issue an acknowledgment of debt;
- (d) that every loan shall be negotiated on one or other of the following conditions which shall be recorded in the relevant acknowledgment of debt, namely—
 - (i) that the member shall not have the right to demand repayment, but that the society may after it has held the loan for not less than twelve months, at any time repay such loan upon giving not less than thirty days' prior notice of its intention to repay such loan; or
 - (ii) that the loan shall be repayable at a fixed date to be mentioned in the acknowledgment of debt, but that the board of directors of the society shall have power to defer the repayment if the circumstances of the society as at that date render such deferment necessary, subject to the condition that if the decision of such board is not confirmed at the first succeeding general meeting of the society, the loan shall be repaid within seven days of the date of such meeting.”;

- (1) by the substitution for sub-section (3) of the following sub-section:

“(3) In calculating for the purposes of this Act, the aggregate amount of the paid-up capital and unimpaired reserve funds of any banking institution, provision shall be made to the satisfaction of the Registrar and of the auditor of such institution for the following items and the said aggregate amount reduced accordingly, namely—

- (a) depreciation of assets and bad or doubtful debts (to be calculated at least once in each financial year);
- (b) operating and accumulated losses, including accumulated depreciation and bad debts not yet written off;
- (c) preliminary expenses, representing expenses relating to organization or extension or the purchase of business or goodwill, and including underwriting commission;
- (d) the value of any assets lodged or pledged to secure liabilities incurred under any other law where all the liabilities (including contingent liabilities) so secured are not included in the calculation and where the effect of such lodging or pledging is that such assets are not available for the purpose of meeting the liabilities of the institution to the public under this Act;
- (e) the amount of its investment in the shares of another banking institution.”; and

- (m) by the deletion of paragraph (c) of sub-section (4).

wat volgens die Registrateur se oordeel onvoldoende is;

- (iii) 'n person (met inbegrip van 'n koöperatiewe vereniging) nie geag word sodanige bedryf uit te oefen nie indien hy nie te eniger tyd deposito's van meer as twintig persone het en te eniger tyd in die geheel meer as vyfhonderd-duisend rand aan deposito's het nie; en
- (iv) 'n koöperatiewe vereniging nie bloot op grond van die feit dat hy ooreenkomstig die bepalings van sub-artikel (2) *bis* van sy lede geld leen, geag word sodanige bedryf uit te oefen nie.

(2) *bis* 'n Koöperatiewe vereniging (hieronder die vereniging genoem) kan op die volgende voorwaardes van sy lede geld leen, te wete—

- (a) dat geen lening van 'n individuele lid minder as honderd rand bedra nie, en by die toepassing van hierdie paragraaf word elke opeenvolgende lening van 'n bepaalde lid as 'n afsonderlike lening beskou;
- (b) dat 'n lening nie binne twaalf maande na ontvangs terugbetaal word nie;
- (c) dat die vereniging ten opsigte van elke lening 'n skuldbewys uitreik;
- (d) dat elke lening aangegaan word op die een of die ander van die volgende voorwaardes wat in die betrokke skuldbewys geboekstaaf moet word, te wete—

- (i) dat die lid nie die reg het om terugbetaling te eis nie, maar dat die vereniging te eniger tyd nadat hy die lening vir minstens twaalf maande gehad het, die lening kan terugbetaal na minstens dertig dae kennisgewing vooraf van sy voorneme om dit terug te betaal; of
- (ii) dat die lening op 'n bepaalde in die skuldbewys vermelde datum terugbetaalbaar is, maar dat die raad van direkteure van die vereniging gemagtig is om terugbetaling uit te stel, indien die omstandighede van die vereniging op daardie datum sodanige uitstel noodsaak, onderworpe aan die voorwaarde dat, indien die besluit van bedoelde raad nie by die eersvolgende algemene vergadering van die vereniging bevestig word nie, die lening binne sewe dae na die datum van bedoelde vergadering terugbetaal moet word.”;

- (1) deur sub-artikel (3) deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(3) By die berekening, by die toepassing van hierdie Wet, van die totaalbedrag van die gestorte kapitaal en onaangetaste reserwefondse van 'n bankinstelling, moet tot bevrediging van die Registrateur en van die ouditeer van bedoelde instelling vir die volgende items voorsiening gemaak en bedoelde totaalbedrag dienoreenkomstig verminder word, te wete—

- (a) waardevermindering van bates en oninbare of twyfelagtige skulde (minstens een maal gedurende elke boekjaar bereken te word);
- (b) bedryfs- en opgehoopte verliese, met inbegrip van opgehoopte waardevermindering en oninbare skulde wat nog nie afgeskryf is nie;
- (c) oprigtingskoste, verteenwoordigende koste ten opsigte van organisasie of uitbreiding of die aankoop van 'n saak of konneksiewaarde, asook garansiekommissie;
- (d) die waarde van bates wat gedeponeer of verpand is om verpligtings wat ingevolge ander wetsbepalings aangegaan is, te verseker, waar al die aldus versekerde verpligtings (met inbegrip van voorwaardelike verpligtings) nie by die berekening ingesluit is nie en waar die uitwerking van so 'n deponering of verpanding is dat daardie bates nie vir die nakoming van die instelling se verpligtings teenoor die publiek volgens hierdie Wet, beskikbaar is nie;
- (e) die bedrag van sy belegging in die aandele van 'n ander bankinstelling.”; en

- (m) deur paragraaf (c) van sub-artikel (4) te skrap.

2. The following section is hereby substituted for section *two* of the principal Act:

“Exemptions.

2. (1) This Act shall not apply to the Post Office Savings Bank or the Land or the Reserve Bank or the Industrial Development Corporation of South Africa, Limited or the National Finance Corporation or the Public Debt Commissioners, or to any local authority or building society or any Bantu co-operative credit society registered under any proclamation issued under Act No. 29 of 1897 of the Cape of Good Hope or under the Bantu Administration Act (Act No. 38 of 1927): Provided that such exemption shall not apply to any savings department or savings bank or similar deposit-receiving institution established by or in connection with any local authority.

(2) The provisions of sub-section (2) of section *eleven*, and sections *fourteen*, *sixteen*, *seventeen*, *eighteen*, *twenty*, *twenty-one*, *twenty-nine*, *thirty-two*, *thirty-four*, *thirty-five*, *forty-six* and *forty-eight* shall not apply in respect of a general bank which is a board of executors or trust company (not being a private company within the meaning of section *one hundred and four* of the Companies Act, 1926, or any amendment of that section) licensed as such under the Licences Act, 1962 (Act No. 44 of 1962) on or before the thirty-first day of December, 1938, if its deposit liabilities on the first day of July, 1943, did not in the aggregate exceed the sum of its paid-up capital and its unimpaired reserve funds, so long as those deposit liabilities do not at any time thereafter exceed the sum of its paid-up capital and its unimpaired reserve funds.”

3. Section *three* of the principal Act is hereby amended by the substitution in sub-section (2) for the word “sub-section” of the word “section” and the insertion in that sub-section after the word “shall” of the words “save as is otherwise provided in this Act.”

4. The following sections are hereby substituted for sections *four*, *five* and *six* of the principal Act:

“Registration and provisional registration of banking institutions.

4. (1) Any person who intends to carry on the business of any class of banking institution in the Union, may apply to the Registrar for permission to establish such a banking institution, and the Registrar shall grant such permission if the applicant satisfies him that the establishment of such institution will be in the public interest and, where the proposed business is that of a discount house, furnishes proof to him that the Reserve Bank will be prepared to recognize the applicant as a discount house.

(2) An applicant to whom the Registrar has granted permission in terms of sub-section (1) may within the period fixed by the Registrar apply to him in the form prescribed by regulation to be registered provisionally under this Act as a banking institution of the class in question, and shall submit in duplicate with its application—

- (a) its memorandum and articles of association;
- (b) a statement of the address of its head office;
- (c) a statement of the name and address of its chairman and of every director and of its chief executive officer; and
- (d) full particulars of the business it proposes carrying on and of the manner in which it proposes carrying it on.

(3) The application and every document mentioned in sub-section (2) shall be signed

2. Artikel *twee* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Vrystellings.

2. (1) Hierdie Wet is nie van toepassing nie op die Posspaarbank of die Landbank of die Reserwebank of die Nywerheid-ontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika, Beperk of die Nasionale Finansiële korporasie of die Staat-skuldkommissaris, of op enige plaaslike bestuur of bouvereniging of ’n koöperatiewe Bantoe krediet-vereniging wat ingevolge ’n proklamasie uitgevaardig kragtens Wet No. 29 van 1897 van die Kaap die Goeie Hoop of kragtens die Bantoe administrasie Wet (Wet No. 38 van 1927) geregistreer is: Met dien verstande dat sodanige vrystelling nie van toepassing is nie op ’n spaardepartement of spaarbank of dergelike deposito-nemende instelling wat opgerig is deur of in verband met ’n plaaslike bestuur.

(2) Die bepalinge van sub-artikel (2) van artikel *elf*, en artikels *veertien*, *sestien*, *sewentien*, *agtien*, *twintig*, *een-en-twintig*, *nege-en-twintig*, *twee-en-dertig*, *vier-en-dertig*, *vyf-en-dertig*, *ses-en-veertig* en *agt-en-veertig* is nie ten opsigte van ’n algemene bank wat ’n eksekuteurskamer of trustmaatskappy (behalwe ’n private maatskappy binne die bedoeling van artikel *honderd-en-vier* van die Maatskappywet, 1926, of ’n wysiging van daardie artikel) is, as sodanige gelisensieer ingevolge die Wet op Lisensies, 1962 (Wet No. 44 van 1962), op of voor die een-en-dertigste dag van Desember 1938, indien sy deposito-verpligtings op die eerste dag van Julie 1943 in geheel nie die som van sy gestorte kapitaal en sy onaangetaste reserwefondse oorskry het nie, van toepassing nie, solank as daardie deposito-verpligtings nie te eniger tyd daarna die som van sy gestorte kapitaal en sy onaangetaste reserwefondse oorskry nie.”

3. Artikel *drie* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (2) na die woord „word” die woorde „behalwe vir sover hierdie Wet anders bepaal” in te voeg, en in die Engelse teks die woord „sub-section” deur die word „section” te vervang.

4. Artikels *vier*, *vyf* en *ses* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikels vervang:

„Registrasie en voorlopige registrasie van bankinstellings.

4. (1) ’n Persoon wat voornemens is om in die Unie die besigheid van ’n bankinstelling van enige klas te dryf, kan by die Registrateur aansoek doen om toestemming om so ’n bankinstelling te stig, en die Registrateur verleen sodanige toestemming indien die applikant hom oortuig dat die stigting van bedoelde instelling in die openbare belang sal wees en, waar die voorgestelde besigheid dié van ’n diskontohuis is, aan hom bewys lewer dat die Reserwebank bereid sal wees om die applikant as ’n diskontohuis te erken.

(2) ’n Applikant aan wie die Registrateur kragtens sub-artikel (1) toestemming verleen het, kan binne die tydperk wat die Registrateur vasstel op die by regulasie voorgeskrewe vorm by hom aansoek doen om ingevolge hierdie Wet as ’n bankinstelling van die betrokke klas voorlopig geregistreer te word, en moet saam met sy aansoek die volgende in tweevoud voorlê, te wete—

- (a) sy akte van oprigting en statute;
- (b) ’n aangifte van die adres van sy hoofkantoor;
- (c) ’n aangifte van die naam en adres van sy voorsitter en van iedere direkteur en van sy hoofuitvoerende beampte; en
- (d) volledige besonderhede van die besigheid wat hy voornemens is om te dryf en van die wyse waarop hy voornemens is om dit te dryf.

(3) Die aansoek en iedere in sub-artikel (2) vermelde dokument moet deur die voor-

by the chairman or the chief executive officer of the applicant.

(4) If the Registrar is satisfied—

- (a) that the business proposed to be carried on is that of a banking institution of the class in respect of which registration is desired;
- (b) that the memorandum and articles of association of the applicant are not inconsistent with this Act and are not undesirable for any reason; and
- (c) that the applicant does not propose to adopt undesirable methods of conducting business,

he shall, subject to the provisions of subsections (6) and (7), and after payment by the applicant of a registration fee of ten rand, register the applicant provisionally as a banking institution of the said class.

(5) A banking institution which is registered provisionally for the first time after the commencement of the Banking Amendment Act, 1964, shall not accept a deposit or grant an advance until it has furnished proof to the Registrar that its paid-up capital and unimpaired reserve funds together amount to not less than the amount prescribed by section *fourteen* or *fifteen*, which-ever is applicable.

(6) The Registrar shall not register an applicant provisionally unless the applicant is a public company incorporated and registered or deemed to have been incorporated and registered under the Companies Act, 1926 (Act No. 46 of 1926).

(7) Without prejudice to the generality of the powers conferred upon the Registrar by this section, he may in his discretion refuse to register an applicant provisionally if—

- (a) the direct or indirect control over its affairs by virtue of shareholding, voting powers, power to appoint directors, or otherwise, may in the opinion of the Registrar react to the detriment of its depositors or other creditors; or
- (b) adequate provision does not exist for the conduct of its affairs by a board of directors with a reasonable number of members or satisfactory provision is not made for a quorum of such board; or
- (c) the directors or proposed chief officers, in the opinion of the Registrar, have not had sufficient experience of the management of a banking institution; or
- (d) the applicant proposes to carry on business in a location as defined in the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), and the Department of Bantu Administration and Development has recommended that it be not provisionally registered.

(8) The provisional registration of an applicant shall be for a period of twelve months and shall be subject to such conditions and limitations not inconsistent with this Act as the Registrar may consider necessary, but such registration may in the discretion of the Registrar from time to time be renewed, subject to the same or any other or further conditions and limitations, for periods not exceeding twelve months at a time: Provided no banking institution shall remain provisionally registered for an aggregate period exceeding five years.

(9) If a provisionally registered institution becomes fully qualified for registration at any time while it is provisionally registered, by reason of the fact that it has complied

sitter of die hoof-uitvoerende beampte van die applikant geteken wees.

(4) Indien die Registrateur oortuig is—

- (a) dat die besigheid voorgestel om gedryf te word dié is van 'n bankinstelling van die klas ten opsigte waarvan registrasie verlang word;
- (b) dat die akte van oprigting en statute van die applikant nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie en nie om een of ander rede onwenslik is nie; en
- (c) dat die applikant nie voornemens is om by die dryf van die besigheid onwenslike metodes toe te pas nie,

moet hy, behoudens die bepalings van subartikels (6) en (7), en na betaling deur die applikant van 'n registrasiegeld van tien rand, die applikant as 'n bankinstelling van beoelde klas voorlopig registreer.

(5) 'n Bankinstelling wat na die inwerking-treding van die Bankwysigingswet, 1964, vir die eerste keer voorlopig geregistreer word, mag nie 'n deposito neem of 'n lening verstrek nie voordat hy aan die Registrateur bewys voorgelê het dat sy gestorte kapitaal en onaangetaste reserwefondse tesame minstens die by artikel *veertien* of *vyftien* (watter ook al van toepassing is) voorgeskrewe bedrag be-loop.

(6) Die Registrateur registreer nie 'n applikant voorlopig nie, tensy die applikant 'n publieke maatskappy is wat ingevolge die Maatskappywet, 1926 (Wet No. 46 van 1926), met regs persoonlikheid beklee en geregistreer is of geag word met regs persoonlikheid beklee en geregistreer te wees.

(7) Sonder afbreuk aan die algemeenheid van die bevoegdheide by hierdie artikel aan die Registrateur verleen, kan hy na goed-dunke weier om 'n applikant voorlopig te registreer indien—

- (a) die direkte of indirekte beheer oor sy sake uit hoofde van aandeelbesit, stemkrag, bevoegdheid om direkteure aan te stel, of andersins, volgens die Registrateur se oordeel tot nadeel van sy deposante of ander krediteure kan strek; of
- (b) geen voldoende voorsiening vir die bestuur van sy sake deur 'n raad van direkteure met 'n redelike aantal lede bestaan of geen bevredigende voorsiening vir 'n kworum van bedoelde raad gemaak word nie; of
- (c) die direkteure of voorgestelde hoofamp-tenare volgens die Registrateur se oordeel nie voldoende ervaring van die bestuur van 'n bankinstelling gehad het nie; of
- (d) die applikant voornemens is om sake te doen in 'n lokasie soos in die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), omskryf, en die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling aanbeveel het dat dit nie voorlopig geregistreer moet word nie.

(8) Die voorlopige registrasie van 'n applikant is vir 'n tydperk van twaalf maande en is onderworpe aan sodanige voorwaardes en beperkings, wat nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie, as wat die Registrateur nodig ag, maar so 'n registrasie kan na goed-dunke van die Registrateur van tyd tot tyd onderworpe aan dieselfde of enige ander of verdere voorwaardes en beperkings hernieu word vir tydpeke van hoogstens twaalf maande op 'n keer: Met dien verstande dat geen bankinstelling vir langer as vyf jaar in die geheel voorlopig geregistreer bly nie.

(9) Indien 'n voorlopig geregistreeerde instelling te eniger tyd terwyl hy voorlopig registreer is ten volle vir registrasie bevoeg word op grond daarvan dat hy aan enige in-

with any requirements imposed under sub-section (7), the Registrar shall, upon payment of a registration fee of ten rand, register such institution as a banking institution of the class to which it belongs.

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken hierdie Wet—

- (i) „advokaat” ’n advokaat van die Hooggeregshof; (i)
- (ii) „afdeling” ’n afdeling van die Hooggeregshof; (ii)
- (iii) „die gebied” die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die gebied bekend as die Oostelike Caprivi Zipfel en vermeld in sub-artikel (3) van artikel *drie* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951), daardie deel van die gebied Suidwes-Afrika bekend staan as die „Rehoboth Gebiet” en wat deur die Eerste Bylae by Proklamasie No. 28 van 1923 van die Administrateur van daardie gebied beskryf word; (ix)
- (iv) „Hooggeregshof” die Hooggeregshof van Suid-Afrika soos saamgestel deur artikel *twee* van die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959); (vii)
- (v) „ingeskryf” op die rol van advokate ingeskryf; (v)
- (vi) „Minister” die Minister van Justisie; (vi)
- (vii) „reëls” reëls wat ingevolge artikel *drie-en-veertig* van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959), uitgevaardig is of van krag bly; (ix)
- (viii) „Republiek” ook die gebied; (v)
- (ix) „rol van advokate” die in artikel *agt* bedoelde rol van advokate. (vi)

2. (1) Na die inwerkingtreding van hierdie Wet word niemand toegelaat om as advokaat te praktiseer nie, behalwe ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet.

(2) ’n Aansoek ingevolge die bepalings van hierdie Wet word op die in die reëls voorgeskrewe manier aan die hof voorgedien.

3. (1) Behoudens enige ander wetsbepalings, moenie ’n persoon toelaat om as advokaat te praktiseer en magtig om as advokaat ingeskryf te word wat hom ’n aansoek deur hom gedoen die hof oortuig—

- (a) dat hy bo die ouderdom van een-en-twintig jaar is en ’n geskikte en gepaste persoon is om aldus ingeskryf te word;
- (b) dat hy behoorlik gekwalifiseer is;
- (c) dat hy ’n Suid-Afrikaanse burger is of dat hy ingetel is tot die Republiek toegelaat is vir permanente verblyf daarin en gewoonlik in die Republiek woonagtig is;
- (d) in die geval van iemand wat te eniger tyd toegelaat is om as prokureur in enige hof in die Republiek of elders te praktiseer, dat sy naam op sy aansoek van die rol van prokureurs verwyder is en dat hy vir ’n ononderbroke tydperk van stens ses maande onmiddellik voor die datum van sy aansoek om aldus toegelaat te word, op gewyse in die Republiek of elders geassosieer was met of verbonde was aan die praktyk van ’n prokureur, notaris of transportbesorger nie, of dat hy streeks of onregstreeks as ’n prokureur, notaris of transportbesorger opgetree het nie; en
- (e) in die geval van iemand wat te eniger tyd toegelaat is teen besoldiging al dan nie, ’n klerk of assistent te wees by iemand wat as prokureur, notaris of transportbesorger in die Republiek of elders praktiseer, dat hy vir ’n ononderbroke tydperk van min

months immediately before the date of his application to be so admitted he has in no way been associated or connected with the practice of, or acted directly or indirectly as a clerk or assistant to an attorney, notary or conveyancer in the Republic or elsewhere.

(2) The following persons shall for the purposes of paragraph (b) of sub-section (1) be deemed to be duly qualified, namely:

(a) Any person who—

(i) has satisfied all the requirements for the degree of *baccalaureus legum* of any university in the Republic after pursuing a course of study for that degree of not less than five years which included not less than one course in the Afrikaans language, not less than one course in the English language and not less than one course in the Latin language; or

(ii) after he has satisfied all the requirements for the degree of bachelor of any university in the Republic in any faculty other than the faculty of law after pursuing a course of study for that degree which included not less than one course in the Afrikaans language, not less than one course in the English language and not less than one course in the Latin language or after he has been admitted to the status of any such degree by any such university, has satisfied all the requirements for the degree of *baccalaureus legum* of any such university; or

(iii) has been admitted by any university in the Republic to the status of the degree of *baccalaureus legum* referred to in sub-paragraph (i) or (ii);

(b) any person who before the commencement of this Act passed any examination or satisfied all the requirements for any degree which in terms of any law repealed by section *thirteen* would immediately before such commencement have entitled him to be admitted to practise as an advocate of any division on compliance with any other requirement of the said law with regard to matters other than such examination or degree;

(c) any person who—

(i) at the commencement of this Act was registered as a student at a university referred to in section *one* of the Admission of Advocates Act, 1921 (Act No. 19 of 1921), and was engaged in a course of study with a view to obtaining a certificate, diploma or degree referred to in the said section; and

(ii) has satisfied all the requirements for the said certificate, diploma or degree and has on or before the thirty-first day of December, 1974, passed the examination in Roman-Dutch law and the statute law of the Republic referred to in section *two* of the said Act or is in terms of the said section not required to pass the examination in both or either of the said subjects;

(d) any person who—

(i) at the commencement of this Act was registered as a student at any university or university college in the Republic for the degree of *baccalaureus legum*; and

(ii) has satisfied all the requirements for the said degree;

(e) any person who—

(i) at the commencement of this Act was registered as a student at any university or university college in the Republic for a degree in any faculty and was engaged in a course of study for such degree, the successful completion of which would in accordance with the regulations of such university or university college then in force, entitle him to be exempted from

ses maande onmiddellik voor die datum van sy aansoek om aldus toegelaat te word, op generlei wyse in die Republiek of elders geassosieer was met of verbonde was aan die praktyk van 'n prokureur, notaris of transportbesorger nie, of regstreeks of onregstreeks as 'n klerk of assistent van 'n prokureur, notaris of transportbesorger opgetree het nie.

(2) By die toepassing van paragraaf (b) van sub-artikel (1) word die volgende persone geag behoorlik gekwalifiseer te wees, naamlik:

(a) 'n Persoon wat—

(i) aan al die vereistes vir die graad *baccalaureus legum* van 'n universiteit in die Republiek voldoen het nadat hy 'n studiekursus vir daardie graad van minstens vyf jaar gevolg het wat minstens een kursus in die Afrikaanse taal, minstens een kursus in die Engelse taal en minstens een kursus in die Latynse taal ingesluit het; of

(ii) nadat hy aan al die vereistes vir 'n *baccalaureus*-graad van 'n universiteit in die Republiek in 'n ander fakulteit as die regs fakulteit voldoen het nadat hy 'n studiekursus vir daardie graad gevolg het wat minstens een kursus in die Afrikaanse taal, minstens een kursus in die Engelse taal en minstens een kursus in die Latynse taal ingesluit het, of nadat hy tot die status van so 'n graad deur so 'n universiteit toegelaat is, aan al die vereistes vir die graad *baccalaureus legum* van so 'n universiteit voldoen het; of

(iii) tot die status van 'n in sub-paragraaf (i) of (ii) bedoelde *baccalaureus legum*-graad deur 'n universiteit in die Republiek toegelaat is;

(b) 'n persoon wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet geslaag het in 'n eksamen of voldoen het aan al die vereistes vir 'n graad wat ingevolge 'n wet wat deur artikel *dertien* herroep is, hom onmiddellik voor daardie inwerkingtreding geregtig sou gemaak het om as advokaat van 'n afdeling toegelaat te word by voldoening aan enige ander vereiste van bedoelde wet met betrekking tot ander aangeleenthede as daardie eksamen of graad;

(c) 'n persoon wat—

(i) by die inwerkingtreding van hierdie Wet as student by 'n in artikel *een* van die „Toelating van Advokaten Wet, 1921” (Wet No. 19 van 1921), bedoelde universiteit ingeskryf was en besig was met 'n studiekursus met die oog daarop om 'n in daardie artikel bedoelde sertifikaat, diploma of graad te verwerf; en

(ii) aan al die vereistes vir daardie sertifikaat, diploma of graad voldoen het en op of voor die een-en-dertigste dag van Desember 1974 die in artikel *twee* van daardie Wet bedoelde eksamen in die Romeins-Hollandse reg en die wettereg van die Republiek afgelê het of ingevolge daardie artikel nie verplig is om die eksamen in albei of een van voornoemde vakke af te lê nie;

(d) 'n persoon wat—

(i) by die inwerkingtreding van hierdie Wet as student by 'n universiteit of universiteitskollege in die Republiek vir die graad *baccalaureus legum* ingeskryf was; en

(ii) aan al die vereistes vir daardie graad voldoen het;

(e) 'n persoon wat—

(i) by die inwerkingtreding van hierdie Wet as student by 'n universiteit of universiteitskollege in die Republiek ingeskryf was vir 'n graad in enige fakulteit en besig was met 'n studiekursus vir daardie graad, waarvan die geslaagde voltooiing ooreenkomstig die regulasies van sodanige universiteit of universiteitskollege wat toe gegeld het, hom geregtig sou maak op vrystelling van 'n gedeelte van

a portion of the examination for the degree of *baccalaureus legum*; and

- (ii) has satisfied all the requirements for the said degree and the said degree of *baccalaureus legum*.

(3) The provisions of paragraphs (d) and (e) of sub-section (1) shall not apply to—

- (a) any person referred to in section one of the Natal Advocates and Attorneys Preservation of Rights Act, 1939 (Act No. 27 of 1939), who applies to the Natal Provincial Division or the Durban and Coast Local Division of the Supreme Court to be admitted to practice as an advocate; or
- (b) any person employed in the office of the State Attorney, or in any branch thereof, established under the State Attorney Act, 1957 (Act No. 56 of 1957), or in the office of the State Attorney established under the State Attorney Proclamation, 1921 (Proclamation No. 46 of 1921), of South West Africa.

(4) Any person who is admitted and authorized to practise and to be enrolled as an advocate in terms of sub-section (1), shall be enrolled as an advocate on the roll of advocates.

4 (1) Any person whose name appears on the roll of advocates of any division at the commencement of this Act, whether or not the admission or enrolment of any such person as an advocate has been or is subject to any conditions, shall be deemed to have been unconditionally admitted to practise and authorized to be enrolled as an advocate in terms of sub-section (1) of section three, subject to the terms of any order of court whereby any such person has been suspended from practice as an advocate.

(2) Every person who in terms of sub-section (1) is deemed to have been admitted and authorized to practise and to be enrolled as an advocate, shall be enrolled as an advocate on the roll of advocates, and for that purpose the registrar of every division shall as soon as possible after such commencement furnish the Secretary for Justice with the name of every person whose name appears on the roll of advocates of such division and with particulars of the order of court whereby every such person was admitted to practise as an advocate and of any order of court, if any, whereby any such person has been suspended from practice as an advocate.

5. (1) Notwithstanding anything to the contrary in this Act contained but subject to the provisions of any other law, any division may admit to practise and authorize to be enrolled as an advocate any person who upon application made by him satisfies the court—

- (a) that he has been admitted as an advocate of the Supreme or High Court of any country or territory outside the Republic which the Minister has for the purposes of this section designated by notice in the *Gazette* (in this Act referred to as a designated country or territory);
- (b) that he resides and practises as an advocate in the designated country or territory in which he has been so admitted;
- (c) that he is a fit and proper person to be so admitted; and
- (d) that no proceedings are pending or contemplated to have him suspended from practice or to have him struck off the roll of advocates of the said Supreme or High Court.

(2) Any person who is admitted and authorized to practise and to be enrolled as an advocate in terms of sub-section (1), shall be enrolled as an advocate on the roll of advocates.

(3) Any notice published in the *Gazette* under sub-section (1) whereby any country or territory has been designated for the purposes of this section, may at any time be withdrawn by the Minister by a subsequent notice in the *Gazette*, and thereupon any country or territory referred to in such first-mentioned notice shall cease to be a designated country or territory.

die eksamen vir die graad *baccalaureus legum* en

- (ii) aan al die vereistes vir daardie graad en bedoelde graad van *baccalaureus legum* voldoen het.

(3) Die bepalings van paragrawe (d) en (e) van sub-artikel (1) is nie van toepassing nie op—

- (a) 'n in artikel een van die Natalse Advokate en Prokureurs Behoud van Regte Wet, 1939 (Wet No. 27 van 1939), bedoelde persoon wat by die Natalse Provinsiale Afdeling of die Plaaslike Afdeling Durban en Kus van die Hooggeregshof aansoek doen om toegelaat te word om as advokaat te praktiseer; of
- (b) iemand wat in diens is in die kantoor van die Staatsprokureur, of in 'n tak daarvan, kragtens die Wet op die Staatsprokureur, 1957 (Wet No. 56 van 1957), ingestel, of in die kantoor van die Staatsprokureur kragtens die Staatsprokureursproklamasie, 1921 (Proklamasie No. 46 van 1921), van Suidwes-Afrika ingestel.

(4) Iemand wat ingevolge sub-artikel (1) toegelaat en gemagtig word om as advokaat te praktiseer en ingeskryf te word, word op die rol van advokate as advokaat ingeskryf.

4. (1) Iemand wie se naam by die inwerkingtreding van hierdie Wet op die rol van advokate van 'n afdeling verskyn, hetsy die toelating of inskrywing van so iemand as 'n advokaat aan voorwaardes onderworpe was of is aangedien, word geag onvoorwaardelik ingevolge sub-artikel (1) van artikel drie toegelaat te gewees het om as advokaat te praktiseer en gemagtig te gewees het om as advokaat ingeskryf te word, behoudens die bepalings van enige hofbevel waarby so iemand in sy praktyk as advokaat geskors is.

(2) Elke persoon wat ingevolge sub-artikel (1) toegelaat en gemagtig te gewees het om as advokaat te praktiseer en ingeskryf te word, word op die rol van advokate as advokaat ingeskryf, en vir daardie doel moet die griffier van elke afdeling so gou doenlik na daardie inwerkingtreding die naam van elke persoon wie se naam op die rol van advokate van daardie afdeling verskyn en besonderhede van die hofbevel waarby elk sodanige persoon toegelaat is om as advokaat te praktiseer en van enige hofbevel, as daar is, waarby so 'n persoon in sy praktyk as advokaat geskors is, aan die Sekretaris van Justisie verskaf.

5. (1) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet maar behoudens enige ander wetsbepalings, kan 'n afdeling 'n persoon toelaat om as advokaat te praktiseer en magtig om as advokaat ingeskryf te word wat by 'n aansoek deur hom gedoen die hof oortuig—

- (a) dat hy toegelaat is as advokaat van die Hooggeregshof of Hoëhof van 'n land of gebied buite die Republiek wat die Minister vir die doeleindes van hierdie artikel by kennisgewing in die *Staatskoerant* aangewys het (in hierdie Wet 'n aangewese land of gebied genoem);
- (b) dat hy in die aangewese land of gebied waarin hy toegelaat is, woonagtig is en as 'n advokaat praktiseer;
- (c) dat hy 'n geskikte en gepaste persoon is om aldu toegelaat te word; en
- (d) dat geen geregtelike stappe aanhangig is of beoog word om hom in sy praktyk te laat skors of om hom van die rol van advokate van daardie Hooggeregshof of Hoëhof te laat skrap nie.

(2) Iemand wat ingevolge sub-artikel (1) toegelaat en gemagtig word om as advokaat te praktiseer en ingeskryf te word, word op die rol van advokate as advokaat ingeskryf.

(3) 'n Kennisgewing wat kragtens sub-artikel (1) in die *Staatskoerant* gepubliseer is en waarby 'n land of gebied vir die doeleindes van hierdie artikel aangewys is, kan te eniger tyd deur die Minister by 'n latere kennisgewing in die *Staatskoerant* ingetrok word, en daaronderhou 'n land of gebied wat in die eersbedoelde kennisgewing genoem word, op om 'n aangewese land of gebied te wees.

6. Any person who has been or is deemed to have been admitted to practise as an advocate in terms of any provision of this Act, shall be entitled to practise as an advocate throughout the Republic unless his name has been ordered to be struck off the roll of advocates or unless he is subject to an order suspending him from practise as an advocate.

7. (1) Subject to the provisions of any other law, a court of any division may, upon application, suspend any person from practice as an advocate or order that the name of any person be struck off the roll of advocates—

(a) in the case of a person who was admitted to practise as an advocate in terms of sub-section (1) of section *three* or is deemed to have been so admitted—

(i) if he has ceased to be a South African citizen; or

(ii) in the case of a person who is not a South African citizen, if he has failed to obtain a certificate of naturalization in terms of the South African Citizenship Act, 1949 (Act No. 44 of 1949), within a period of six years from the date upon which before or after the commencement of this sub-paragraph he was admitted to the Republic for permanent residence therein or within such further period as the court either before or after the expiration of the said period for good cause may allow; or

(b) in the case of a person referred to in paragraph (c) of sub-section (2) of section *three* who was admitted to practise as an advocate in terms of sub-section (1) of the said section by virtue of a qualification acquired outside the Republic, if he has failed to pass examinations or tests in the Afrikaans and in the English language certified by a university in the Republic to be equivalent or superior to the examinations or tests in the said languages prescribed for the degree of *baccalaureus legum* referred to in sub-paragraph (i) of paragraph (a) of sub-section (2) of the said section or for the degree of bachelor referred to in sub-paragraph (ii) of the said paragraph within a period of two years after he was so admitted or within such further period as the court either before or after the expiration of the said period for good cause may allow; or

(c) in the case of a person who was admitted to practise as an advocate in terms of section *five*, if it appears to the court that he has ceased to reside or to practise as an advocate in the designated country or territory in which he resided and practised at the time of his admission to practise as an advocate of the Supreme Court or that country or territory has ceased to be a designated country or territory for the purposes of the said section; or

(d) if the court is satisfied that he is not a fit and proper person to continue to practise as an advocate; or

(e) on his own application.

(2) Subject to the provisions of any other law, an application under paragraph (a), (b), (c) or (d) of sub-section (1) for the suspension of any person from practice as an advocate or for the striking off of the name of any person from the roll of advocates may be made by the General Council of the Bar of South Africa or by the Bar Council or the Society of Advocates for the division which made the order for his admission to practise as an advocate or where such person usually practices as an advocate or is ordinarily resident, and, in the case of an application made to a division other than the South West Africa Division of the Supreme Court of South Africa under paragraph (c) of sub-section (1), also by the State Attorney referred to in the State Attorney Act, 1957 (Act No. 56 of 1957), or, in the case of an application made to the last-mentioned division under the said paragraph, also by the State Attorney referred to in the State Attorney Proclamation, 1921 (Proclamation No. 46 of 1921), of South West Africa.

6. Iemand wat ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet toegelaat is of geag word toegelaat te gewees het om as advokaat te praktiseer, is geregtig om oor die hele Republiek as advokaat te praktiseer, tensy daar bevel is dat sy naam van die rol van advokate geskrap word of tensy hy onderworpe is aan 'n bevel wat hom in sy praktyk as advokaat skors.

7. (1) Behoudens enige ander wetsbepalings, kan 'n hof van 'n afdeling, op aansoek, iemand in sy praktyk as advokaat skors of bevel dat die naam van iemand van die rol van advokate geskrap word—

(a) in die geval van iemand wat ingevolge sub-artikel (1) van artikel *drie* toegelaat is om as advokaat te praktiseer of geag word aldus toegelaat te gewees het—

(i) indien hy opgehou het om 'n Suid-Afrikaanse burger te wees; of

(ii) in die geval van 'n persoon wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, indien hy in gebreke gebly het om binne 'n tydperk van ses jaar vanaf die datum waarop hy voor of na die inwerkingtreding van hierdie sub-paragraaf tot die Republiek vir permanente verblyf daarin toegelaat is, of binne die verdere tydperk wat die hof òf voor òf na die verstryking van daardie tydperk om 'n gegronde rede toelaat, 'n sertifikaat van naturalisasie ingevolge die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap, 1949 (Wet No. 44 van 1949), te verkry; of

(b) in die geval van 'n in paragraaf (c) van sub-artikel (2) van artikel *drie* bedoelde persoon wat ingevolge sub-artikel (1) van genoemde artikel toegelaat is om as advokaat te praktiseer uit hoofde van 'n kwalifikasie buite die Republiek verkry, indien hy in gebreke gebly het om binne 'n tydperk van twee jaar nadat hy aldus toegelaat is, of binne die verdere tydperk wat die hof òf voor òf na die verstryking van daardie tydperk om 'n gegronde rede toelaat, te slaag in eksamens of toetse in die Afrikaanse en in die Engelse taal wat 'n universiteit in die Republiek gesertifiseer het as gelyk aan of hoër as die eksamens of toetse in genoemde tale wat voorgeskryf word vir die graad *baccalaureus legum* in sub-paragraaf (i) van paragraaf (a) van sub-artikel (2) van genoemde artikel of vir die *baccalaureus*-graad in sub-paragraaf (ii) van genoemde paragraaf bedoel; of

(c) in die geval van 'n persoon wat ingevolge artikel *vyf* toegelaat is om as advokaat te praktiseer, indien dit vir die hof blyk dat hy opgehou het om te woon of as advokaat te praktiseer in die aangewese land of gebied waarin hy gewoon en gepraktiseer het ten tyde van sy toelating om as advokaat van die Hooggeregshof te praktiseer of dat daardie land of gebied opgehou het om vir die doeleindes van genoemde artikel 'n aangewese land of gebied te wees; of

(d) indien die hof oortuig is dat hy nie 'n geskikte en gepaste persoon is om as advokaat te bly praktiseer nie; of

(e) op sy eie aansoek.

(2) Behoudens enige ander wetsbepalings, kan 'n aansoek kragtens paragraaf (a), (b), (c) of (d) van sub-artikel (1) om die skorsing van iemand in sy praktyk as advokaat of om die skraping van iemand se naam van die rol van advokate, gedoen word deur die Algemene Raad van die Balie van Suid-Afrika, of deur die Balieraad of die Vereniging van Advokate van die afdeling wat die bevel vir sy toelating om as advokaat te praktiseer, gegee het of waar daardie persoon gewoonlik as advokaat praktiseer of gewoonlik woonagtig is, en, in die geval van 'n aansoek kragtens paragraaf (c) van sub-artikel (1) gedoen by 'n afdeling, behalwe die Suidwes-Afrika-afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, ook deur die Staatsprokureur in die Wet op die Staatsprokureur, 1957 (Wet No. 56 van 1957), bedoel, of, in die geval van 'n aansoek kragtens genoemde paragraaf gedoen by die laasgenoemde afdeling, ook deur die Staatsprokureur in die Staatsprokureursproklamasie, 1921 (Proklamasie No. 46 van 1921), van Suidwes-Afrika bedoel.

(3) Any person having chambers in any place shall be deemed the purposes of sub-section (2) to be a person usually practising in that place.

(4) Any person who has been suspended from practice as an advocate under this Act or any other law, whether before or after the commencement of this Act, shall for the duration of such suspension, and any person whose name has been ordered under this Act or any other law to be struck off the roll of advocates, shall, while his name remains removed from the said roll, not be entitled to practise as an advocate.

(5) Upon receipt of the order of a court of any division whereby the name of any person has been ordered under this Act or any other law to be struck off the roll of advocates, the Secretary for Justice shall cause the name of such person to be removed from the said roll.

8. (1) The Secretary for Justice shall keep a register, to be known as the roll of advocates, in which he shall cause to be recorded—

- (a) the names of all persons deemed in terms of section *four* to have been admitted and authorized to practise and to be enrolled as advocates, and particulars of the orders of court whereby they were admitted to practise as advocates;
- (b) the name of every person admitted and authorized to practise and to be enrolled as an advocate in terms of any provision of this Act, and particulars of the order of court whereby he has been so admitted and authorized;
- (c) particulars of any order of court whereby any such person has been suspended from practice as an advocate, whether such order was made before or after the commencement of this Act, or whereby the name of any such person has been ordered to be struck off the roll of advocates; and
- (d) such other particulars as the Minister may direct.

(2) The registrar of the division which makes an order admitting and authorizing any person to practise and to be enrolled as an advocate or ordering under this Act or any other law that the name of any person be struck off the roll of advocates or suspending under this Act or any other law any person from practice as an advocate, shall immediately after the making of such order forward a certified copy thereof to the Secretary for Justice.

(3) Any document purporting to have been issued by the Secretary for Justice whereby it is certified that any person has been admitted to practise as an advocate or that any person has been suspended from practice as an advocate or that the name of any person has been removed from the roll of advocates, shall on its mere production be *prima facie* proof of the facts stated therein.

9. (1) No person who has not been or is not deemed to have been admitted to practise as an advocate in terms of any provision of this Act or whose name has been removed from the roll of advocates or who is subject to any order suspending him from practice as an advocate, shall in any manner, directly or indirectly, practise as an advocate or hold himself out as, or pretend to be, or make use of any name, title, addition or description implying or tending to induce the belief that he is, an advocate or is recognized by law as such.

(2) No person who has been or is deemed to have been admitted to practise as an advocate in terms of any provision of this Act, shall make over to or share or divide with any person other than a person practising as an advocate any portion of his professional fees, whether by way of partnership, commission, allowance or otherwise.

(3) Any person who contravenes any provision of this section shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding twelve months with or without the option of a fine, or to both such fine and such imprisonment, and any advocate who contravenes the provisions of sub-section (2) shall, in addition, be guilty of unprofessional conduct and be liable to be

(3) Iemand wat 'n kantoor op 'n plek het, word by die toepassing van subartikel (2) geag iemand te wees wat gewoonlik op daardie plek praktiseer.

(4) Iemand wat hetsy voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet kragtens hierdie Wet of 'n ander wet in sy praktyk as advokaat geskors is, is vir die duur van daardie skorsing, en iemand ten opsigte van wie kragtens hierdie Wet of 'n ander wet beveel is dat sy naam van die rol van advokate geskrap moet word, is terwyl sy naam van genoemde rol verwyder bly, nie geregtig om as advokaat te praktiseer nie.

(5) By ontvangs van die bevel van 'n hof van 'n afdeling waarby kragtens hierdie Wet of 'n ander wet beveel is dat die naam van iemand van die rol van advokate geskrap moet word, laat die Sekretaris van Justisie die naam van daardie persoon van genoemde rol verwyder.

8. (1) Die Sekretaris van Justisie hou 'n register wat as die rol van advokate bekend staan, waarin hy laat aanteken—

- (a) die name van alle persone wat ingevolge artikel *vier* geag word toegelaat en gemagtig te gewees het om as advokate te praktiseer en ingeskryf te word, en besonderhede van die hofbevele waarby hulle toegelaat is om as advokate te praktiseer;
- (b) die naam van elke persoon wat ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet toegelaat en gemagtig word om as advokaat te praktiseer en ingeskryf te word, en besonderhede van die hofbevel waarby hy aldus toegelaat en gemagtig is;
- (c) besonderhede van 'n hofbevel waarby enige sodanige persoon in sy praktyk as advokaat geskors is, hetsy die bevel voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet gegee is, of waarby beveel is dat die naam van enige sodanige persoon van die rol van advokate geskrap word; en
- (d) die ander besonderhede wat die Minister gelas.

(2) Die griffier van die afdeling wat 'n bevel gee waarby 'n persoon toegelaat en gemagtig word om as advokaat te praktiseer en ingeskryf te word of waarby kragtens hierdie Wet of 'n ander wet beveel word dat die naam van 'n persoon van die rol van advokate geskrap word of waarby 'n persoon kragtens hierdie Wet of 'n ander wet in sy praktyk as advokaat geskors word, moet onmiddellik nadat die bevel gegee is 'n gesertifiseerde afskrif daarvan aan die Sekretaris van Justisie stuur.

(3) 'n Dokument wat heet deur die Sekretaris van Justisie uitgereik te gewees het en waarby gesertifiseer word dat iemand toegelaat is om as advokaat te praktiseer, of dat iemand in sy praktyk as advokaat geskors is, of dat die naam van iemand van die rol van advokate verwyder is, is by blote voorlegging daarvan *prima facie* bewys van die feite daarin vermeld.

9. (1) Geen persoon wat nie ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet toegelaat is of geag word toegelaat te gewees het om as advokaat te praktiseer nie, of wie se naam van die rol van advokate verwyder is, of wat onderworpe is aan 'n bevel waarby hy in sy praktyk as advokaat geskors word, mag op enige wyse, regstreeks of onregstreeks, as advokaat praktiseer of hom voordoen of voorgee sodanig te wees of gebruik maak van 'n naam, titel, toevoeging of beskrywing wat stillswyend te kenne gee of die indruk wek dat hy 'n advokaat is of deur die wet as sodanig erken word nie.

(2) Geen persoon wat ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet toegelaat is of geag word toegelaat te gewees het om as advokaat te praktiseer, mag enige gedeelte van sy professionele gelde, hetsy by wyse van vennootskap, kommissie of korting of op enige ander manier, oormak aan of deel of verdeel met 'n persoon wat nie 'n persoon is wat as advokaat praktiseer nie.

(3) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande met of sonder die keuse van 'n boete, of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf, en 'n advokaat wat die bepalings van sub-artikel (2) oortree, is, daarbenewens, skuldig aan onprofessionele

suspended from practice or to be struck off the roll of advocates.

10. Notwithstanding anything in this Act or in any other law contained, any court of any division may permit an attorney to discharge the functions of an advocate in any proceedings pending before it if there is no advocate available or willing to act.

11. Any power to make rules under the Supreme Court Act, 1959 (Act No. 59 of 1959), shall be deemed to include the power to make rules for giving effect to the provisions of this Act.

12. This Act and any amendment thereof shall apply also in the territory.

13. (1) The laws specified in the Schedule to this Act are hereby repealed to the extent set out in the third column of that Schedule: Provided that notwithstanding the repeal of the Admission of Advocates Act, 1921 (Act No. 19 of 1921), the rules made under section two of the said Act and in force at the commencement of this Act, shall remain in force until the thirty-first day of December, 1974.

(2) Nothing in this Act contained shall affect the right to practise as an advocate in the Natal Provincial Division or the Durban and Coast Local Division of the Supreme Court of any person referred to in section one of the Natal Advocates and Attorneys Preservation of Rights Act, 1939 (Act No. 27 of 1939).

14. This Act shall be called the Admission of Advocates Act, 1964 and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*: Provided that different dates may be so fixed in respect of the several provisions of this Act.

gedrag en onderhewig aan skorsing in sy praktyk of aan skrapping van die rol van advokate.

10. 'n Hof van enige afdeling kan, ondanks anders-luidende bepalings van hierdie Wet of van 'n ander wet, 'n prokureur toelaat om in enige verrigtinge wat voor hom aanhangig is, die funksies van 'n advokaat uit te voer as geen advokaat beskikbaar of gewillig is om op te tree nie.

11. Enige bevoegdheid om kragtens die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959), reëls uit te vaardig, word geag die bevoegdheid in te sluit om reëls uit te vaardig om aan die bepalings van hierdie Wet gevolg te gee.

12. Hierdie Wet en enige wysiging daarvan is ook in die gebied van toepassing.

13. (1) Die wette vermeld in die Bylae by hierdie Wet word hierby herroep in die mate in die derde kolom van daardie Bylae uiteengesit: Met dien verstande dat ondanks die herroeping van die „Toelating van Advokaten Wet, 1921” (Wet No. 19 van 1921), die reëls wat kragtens artikel twee van genoemde Wet uitgevaardig en by die inwerkingtreding van hierdie Wet van krag is, van krag bly tot die een-en-dertigste dag van Desember 1974.

(2) Die bepalings van hierdie Wet raak nie die reg van 'n in artikel een van die Natalse Advokate en Prokureurs Behoud van Regte Wet, 1939 (Wet No. 27 van 1939), bedoelde persoon om in die Natalse Provinsiale Afdeling of die Plaaslike Afdeling Durban en Kus van die Hooggeregshof as advokaat te praktiseer nie.

14. Hierdie Wet heet die Wet op die Toelating van Advokate 1964, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal: Met dien verstande dat verskillende datums ten opsigte van die verskeie bepalings van hierdie Wet aldus bepaal kan word.

SCHEDULE.
LAWS REPEALED.

BYLAE.
WETTE HERROEP.

Province or Republic.	No. and year of Law.	Title or subject matter.	Extent of Repeal.
Cape	1832.	Charter of Justice, 1832	So much as is unrepealed.
Cape	Act No. 12 of 1858.	An Act for regulating the admission of Barristers, Attorneys, Notaries and Conveyancers.	So much as is unrepealed.
Cape	Act No. 30 of 1892.	The Legal Practitioners Act, 1892.	So much as is unrepealed.
Natal	Act No. 39 of 1896.	The Supreme Court Act, 1896.	So much as relates to admission and the right to practise before the courts
Orange Free State	Ordinance No. 4 of 1902.	Administration of Justice Ordinance, 1902.	So much as is unrepealed.
Orange Free State	Act No. 39 of 1908.	Admission of Advocates, Attorneys and Medical Practitioners Amendment Act, 1908.	So much as is unrepealed.
Orange Free State	Act No. 14 of 1909.	Advocates Admission Amendment Act, 1909.	The whole.
Transvaal	Proclamation No. 14 of 1902.	Administration of Justice Proclamation, 1902.	So much as relates to admission and the right to practise before the courts

Provinsie of Republiek.	No. en jaar van Wet.	Titel of onderwerp.	In hoeverre herroep.
Kaap	1832.	„Charter of Justice, 1832”	Soveel as wat nie herroep is nie.
Kaap	Wet No. 12 van 1858.	„An Act for regulating the admission of Barristers, Attorneys, Notaries and Conveyancers”.	Soveel as wat nie herroep is nie.
Kaap	Wet No. 30 van 1892.	„The Legal Practitioners Act, 1892”.	Soveel as wat nie herroep is nie.
Natal	Wet No. 39 van 1896.	„The Supreme Court Act, 1896”	Soveel as wat op toelating en die reg om te praktiseer voor die howe betrekking het.
Oranje-Vrystaat.	Ordonnansie No. 4 van 1902.	„Administration of Justice Ordinance, 1902”.	Soveel as wat nie herroep is nie.
Oranje-Vrystaat.	Wet No. 39 van 1908.	„Admission of Advocates, Attorneys and Medical Practitioners Amendment Act, 1908”.	Soveel as wat nie herroep is nie.
Oranje-Vrystaat.	Wet No. 14 van 1909.	„Advocates Admission Amendment Act, 1909”.	Die geheel.
Transvaal	Proklamasie No. 14 van 1902.	„Administration of Justice Proclamation, 1902”.	Soveel as wat op toelating en die reg om te praktiseer voor die howe betrekking het.

South West Africa.	Proclamation No. 21 of 1919.	Administration of Justice Proclamation, 1919.	So much as relates to admission and the right of advocates to practise before the courts except sub-section (10) of section eleven.	Suidwes-Afrika.	Proklamasie No. 21 van 1919.	„Administration of Justice Proclamation, 1919”.	Soveel as wat op toelating en die reg van advokate om te praktiseer voor die hoewe betrekking het, behalwe sub-artikel (10) van artikel elf.
Republic	—	The South Africa Act, 1909.	Section <i>one hundred and fifteen</i> except so much as relates to admission and the right of attorneys to practise before the courts	Republiek.	—	„Zuid-Afrika Wet, 1909”.	Artikel <i>honderden-vyftien</i> behalwe soveel as wat op toelating en die reg van prokureurs om te praktiseer voor die hoewe betrekking het.
Republic	Act No. 19 of 1921.	Admission of Advocates Act, 1921	The whole.	Republiek.	Wet No. 19 van 1921.	„Toelating van Advokaten Wet, 1921”.	Die geheel.
Republic	Act No. 39 of 1946.	Admission of Advocates Amendment Act, 1946.	The whole.	Republiek.	Wet No. 39 van 1946.	Wysigingswet op Toelating van Advokate, 1946.	Die geheel.
Republic	Act No. 10 of 1949.	Admission of Advocates Amendment Act, 1949.	The whole.	Republiek.	Wet No. 10 van 1949.	Wysigingswet op Toelating van Advokate, 1949.	Die geheel.
Republic	Act No. 62 of 1955.	General Law Amendment Act, 1955.	Section <i>thirty-two</i> .	Republiek.	Wet No. 62 van 1955.	Algemene Regswysigingswet, 1955.	Artikel <i>twee-en-dertig</i> .
Republic	Act No. 18 of 1956.	Legal Practitioners Amendment Act, 1956.	Section <i>twenty-three</i> .	Republiek.	Wet No. 18 van 1956.	Wysigingswet op Regspraktisyns, 1956.	Artikel <i>drie-en-twintig</i> .

No. 78, 1964 (Republic).]

ACT

To make provision for the continuation of the South African Mint, for currency, coinage and legal tender and for other incidental matters; and to abolish the Coinage Fund.

(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 19th June, 1964.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. In this Act, unless the context otherwise indicates
 - (i) “director” means the Director of the South African Mint; (ii)
 - (ii) “Minister” means the Minister of Finance; (iv)
 - (iii) “prior law” means the Coinage Act, 1922 (Act No. 31 of 1922) or the Decimal Coinage Act, 1959 (Act No. 61 of 1959); (viii)
 - (iv) “Republican coins” means any coins which have been issued in accordance with any prior law or this Act, and which have not been called in, in pursuance of any prior law or this Act; (vi)
 - (v) “this Act” includes the regulations made or remaining in force under this Act; (iii)
 - (vi) “the mint” means the South African Mint established by section *two* of the South African Mint Act, 1941 (Act No. 16 of 1941); (i)
 - (vii) “Transvaal coins” means any coins which were coined in the mint established at Pretoria by the Government of the late South African Republic in accordance with the provisions of Law No. 14 of 1891 of that Republic, and which have not been called in in pursuance of that law or of the Coinage Act, 1922 (Act No. 31 of 1922) or of this Act; (vii)
 - (viii) “Treasury” means the Department of Finance. (v)

No. 78, 1964 (Republiek).]

WET

Om voorsiening te maak vir die voortsetting van die Suid-Afrikaanse Munt, vir gangbare munte, aanmunting en wettige betaalmiddels, en vir ander aangeleenthede wat daarmee in verband staan; en tot afskaffing van die Muntfonds.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 19 Junie 1964.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —
 - (i) „die munt” die Suid-Afrikaanse Munt ingestel deur artikel *twee* van die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt, 1941 (Wet No. 16 van 1941); (vi)
 - (ii) „direkteur” die Direkteur van die Suid-Afrikaanse Munt; (i)
 - (iii) „hierdie Wet” ook die regulasies wat kragtens hierdie Wet uitgevaardig is of van krag bly; (v)
 - (iv) „Minister” die Minister van Finansies; (ii)
 - (v) „Tesourie” die Departement van Finansies; (viii)
 - (vi) „Republikeinse munte” enige munte wat ooreenkomstig ’n vorige wet of hierdie Wet uitgereik is en wat nie ingevolge ’n vorige wet of hierdie Wet ingetrek is nie; (iv)
 - (vii) „Transvaalse munte” enige munte wat deur die munt ingestel te Pretoria deur die Regering van die voormalige „Zuid-Afrikaanse Republiek” geslaan is ooreenkomstig die bepalinge van Wet No. 14 van 1891 van daardie Republiek, en wat nie ingevolge daardie Wet of die „Munt Wet, 1922” (Wet No. 31 van 1922), of hierdie Wet ingetrek is nie; (vii)
 - (viii) „vorige wet” die „Munt Wet, 1922” (Wet No. 31 van 1922), of die Wet op Desimale Munt, 1959 (Wet No. 61 van 1959). (iii)

CHAPTER I.

THE SOUTH AFRICAN MINT AND ABOLITION OF THE COINAGE FUND.

2. The mint shall be continued under the name of the South African Mint.

3. The mint shall be controlled by an officer called the Director of the South African Mint.

4. The director and such other employees as the Minister deems necessary for the proper performance of the work of the mint shall be appointed by the Minister, subject to the laws governing the public service.

5. (1) The director shall undertake the coining of coins to be issued for use in the Republic, the coining of which is authorized by any law and, if directed to do so by the Minister, the coining of coins to be issued for use in any other State, and shall do all such work, exercise all such powers and perform all such duties as the Minister may require him to do, exercise or perform, whether or not such work, powers or duties are connected with the coining of coins.

(2) Save as provided in section *twenty-two*, the cost of the services referred to in sub-section (1) shall be defrayed from moneys appropriated by Parliament for the purpose.

6. Subject to the provisions of section *seven*, all moneys received at the mint or in payment of services rendered at the mint shall be paid into the Consolidated Revenue Fund.

7. The Minister may pay direct to the Government of any State such portion of the profit derived from the coining at the mint of token coins issued therefrom for use in that State as may be agreed upon between him and that Government.

8. (1) The Coinage Fund referred to in section *eight* of the South African Mint Act, 1941 (Act No. 16 of 1941), shall be abolished as from a date fixed by the Minister.

(2) Notwithstanding the repeal by this Act of section *eight* of the South African Mint Act, 1941, all moneys that would have been paid into and all expenses and deficits that would have been defrayed from the Coinage Fund, if this Act had not been passed, shall, respectively, be paid into and defrayed from the fund until the fund is so abolished.

(3) Any amount standing to the credit of the Coinage Fund on the date upon which the said fund is so abolished, shall be paid into the Consolidated Revenue Fund.

CHAPTER II.

CURRENCY, COINAGE AND LEGAL TENDER.

9. Subject to the provisions of section *sixteen*, the coinage units of the Republic shall be the rand (abbreviated as R) and the cent (abbreviated as c), the cent being one-hundredth part of the rand.

10. The standard weight and the standard fineness of the gold, silver, nickel and bronze coins of the denominations mentioned in the First Schedule to this Act are as specified in that Schedule.

11. (1) The Minister may cause to be made and issued gold, silver, nickel and bronze coins of the denominations set out in the First Schedule to this Act.

(2) The coins to be made and issued under sub-section (1) (excepting the Trojan) shall be of the respective values in comparison with the coins issuable under the Coinage Act, 1922 (Act No. 31 of 1922), as are set out in the table below:

HOOFSTUK I.

DIE SUID-AFRIKAANSE MUNT EN DIE AFSKAF-FING VAN DIE MUNTFONDS.

2. Die munt word onder die naam die Suid-Afrikaanse Munt voortgesit.

3. Die munt word bestuur deur 'n beamppte wat die Direkteur van die Suid-Afrikaanse Munt heet.

4. Die direkteur en die ander beamptes wat die Minister vir die behoorlike verrigting van die werk van die munt nodig ag, word deur die Minister aangestel met inagneming van die wetsbepalings wat die Staatsdiens reël.

5. (1) Die direkteur onderneem die aanmunting van muntstukke wat bestem is om uitgereik te word vir gebruik in die Republiek, en waarvan die aanmunting deur 'n wetsbepaling gemagtig word, en, indien die Minister hom gelas om dit te doen, die aanmunting van muntstukke wat bestem is om uitgereik te word vir gebruik in 'n ander Staat, en verrig alle werk, oefen alle bevoegdhede en voer alle pligte uit wat die Minister hom gelas om te verrig, uit te oefen of uit te voer, hetsy die werk, bevoegdhede of pligte in verband staan met die aanmunting van muntstukke al dan nie.

(2) Behoudens die bepalinge van artikel *twee-entwintig*, word die koste van die in sub-artikel (1) vermelde dienste bestry uit gelde wat die Parlement vir die doel beskikbaar stel.

6. Met inagneming van die bepalinge van artikel *sewe*, word alle gelde wat by die munt of tot betaling van by die munt bewese dienste ontvang word, in die Gekonsolideerde Inkomstefonds gestort.

7. Die Minister kan regstreeks aan die Regering van 'n Staat so 'n deel van die wins verkry uit die aanmunting by die munt van tekenmuntstukke vandaar uitgereik vir gebruik in daardie Staat, betaal as wat tussen hom en daardie Regering ooreengekom word.

8. (1) Die in artikel *agt* van die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt, 1941 (Wet No. 16 van 1941), bedoelde Muntfonds word afgeskaf vanaf 'n datum deur die Minister bepaal.

(2) Ondanks die herroeping deur hierdie Wet van artikel *agt* van die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt, 1941, word al die gelde wat in dié Muntfonds gestort en al die koste en tekorte wat daaruit bestry sou geword het as hierdie Wet nie aangeneem was nie, onderskeidelik in die fonds gestort en daaruit bestry totdat die fonds aldus afgeskaf word.

(3) Enige bedrag wat op krediet staan van die Muntfonds op die datum waarop genoemde fonds aldus afgeskaf word, word in die Gekonsolideerde Inkomstefonds gestort.

HOOFSTUK II.

GANGBARE MUNTE, AANMUNTING EN WETTIGE BETAALMIDDELS.

9. Die munteenhede van die Republiek is, behoudens die bepalinge van artikel *sestien*, die rand (wat as R verkort word) en die sent (wat as c verkort word), die sent synde een-honderdste deel van die rand.

10. Die standaardgewig en die standaardfynheid van die munte van goud, silwer, nikkell en brons van die denominasies genoem in die Eerste Bylae by hierdie Wet is soos in daardie Bylae vermeld.

11. (1) Die Minister kan munte van goud, silwer, nikkell en brons van die denominasies in die Eerste Bylae by hierdie Wet uiteengesit, laat vervaardig en uitreik.

(2) Die munte wat kragtens sub-artikel (1) vervaardig en uitgereik kan word (behalwe die Trojan), moet van die onderskeie waardes wees in vergelyking met die munte wat kragtens die „Munt Wet, 1922” (Wet No. 31 van 1922), uitgereik kon word, soos in die tabel hieronder uiteengesit:

TABLE.

Coins issuable under this sub-section.	Values in comparison with coins issuable under the Coinage Act, 1922.
Gold coins —	
Trojan	—
Five rand	Two-and-a-half pounds.
Two rand	Pound.
Rand	Half-pound.
Silver coins —	
Rand	Half-pound.
Two-and-a-half cents	Threepence.
Nickel coins —	
Fifty cents	Crown.
Twenty cents	Florin.
Ten cents	Shilling.
Five cents	Sixpence.
Two-and-a-half cents	Threepence.
Bronze coins —	
Two cents	Twenty-four-tenths of a penny.
Cent	Twelve-tenths of a penny.
Half-cent	Twelve-tenths of a half-penny.

(3) All gold, silver, nickel and bronze coins made and issued under sub-section (1) shall be of the weight and fineness specified in the First Schedule to this Act.

(4) In the making of gold, silver, nickel and bronze coins, a remedy (or variation from the standard weight and the standard fineness specified in the First Schedule to this Act) shall be allowed of an amount not exceeding the amount specified in that Schedule.

12. (1) A tender of payment of money, if made in coins which are Republican coins or Transvaal coins of current weight, shall be legal tender —

- in the case of gold coins, for the payment of any amount;
- in the case of silver coins and nickel coins, for the payment of an amount not exceeding four hundred cents, but for no greater amount;
- in the case of bronze coins, for the payment of an amount not exceeding ten cents, but for no greater amount.

(2) A Republican or Transvaal coin shall be deemed to be not of current weight if it has become diminished in weight by wear or otherwise so as to be of less weight than the weight specified as the least current weight in the First Schedule to this Act or as determined by any proclamation under this Act.

(3) Nothing in this Act shall be construed as preventing any paper currency which under the South African Reserve Bank Act, 1944 (Act No. 29 of 1944), is a legal tender, from being a legal tender.

13. (1) No piece of gold, silver, nickel, copper or bronze or of any other metal or mixed metal, of any value whatever shall be made or issued as a coin or as a token of money, except by the mint or to the order of the Government of the Republic.

(2) Any person who acts in contravention of sub-section (1) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rand.

14. Every contract, sale, payment, bill, note, instrument, and security for money, and every transaction, dealing, matter, and thing whatever relating to money, or involving the payment of or the liability to pay any money, which is made, executed, or entered into, done or had, in the Republic, shall be made, executed, entered into, done and had according to the coins which are current and are a legal tender in pursuance of this Act, and not otherwise,

TABEL.

Munte wat kragtens hierdie sub-artikel uitgereik kan word.	Waardes in vergelyking met munte wat kragtens die „Munt Wet, 1922”, uitgereik kon word.
Goudmunte—	
Trojaan	—
Vyf rand	Twee-en-'n-half pond.
Twee rand	Pond.
Rand	Halfpond.
Silwermunte—	
Rand	Halfpond.
Twee-en-'n-half sent	Drie pennies.
Nikkelmunte—	
Vyftig sent	Kroon.
Twintig sent	Twee sjielings.
Tien sent	Sjieling.
Vyf sent	Ses pennies.
Twee-en-'n-half sent	Drie pennies.
Bronsmunte—	
Twee sent	Vier-en-twintig-tiendes van 'n pennie.
Sent	Twaalf-tiendes van 'n pennie.
Halfsent	Twaalf-tiendes van 'n half-pennie.

(3) Alle munte van goud, silwer, nikkel en brons wat kragtens sub-artikel (1) vervaardig en uitgereik word, is van die gewig en fynheid wat in die Eerste Bylae by hierdie Wet vermeld word.

(4) By die vervaardiging van munte van goud, silwer, nikkel en brons word 'n remedie (of afwyking van die standaardgewig en die standaardfynheid in die Eerste Bylae by hierdie Wet vermeld), toegelaat van 'n hoeveelheid van hoogstens die hoeveelheid in daardie Bylae vermeld.

12. (1) 'n Aanbod van betaling van geld is 'n wettige aanbod indien gedoen in munte wat Republikeinse munte of Transvaalse munte van gangbare gewig is —

- in die geval van goudmunte, vir die betaling van enige bedrag;
- in die geval van silwermunte en nikkelmunte, vir die betaling van 'n bedrag van hoogstens vierhonderd sent, maar vir geen groter bedrag nie;
- in die geval van bronsmunte, vir die betaling van 'n bedrag van hoogstens tien sent, maar vir geen groter bedrag nie.

(2) 'n Republikeinse of Transvaalse munt word geag nie van gangbare gewig te wees nie indien dit deur slytasie of andersins so in gewig verminder het dat dit van minder gewig is as die gewig wat as die geringste gangbare gewig in die Eerste Bylae by hierdie Wet vermeld word of soos bepaal deur 'n proklamasie ingevolge hierdie Wet.

(3) Niks in hierdie Wet het die bedoeling om enige papiergeld wat kragtens die Wet op die Reserwebank, 1944 (Wet No. 29 van 1944), 'n wettige betaalmiddel is, te belet 'n wettige betaalmiddel te wees nie.

13. (1) Geen stuk goud, silwer, nikkel, koper of brons of ander metaal of vermengde metaal, van welke waarde ook, word as 'n muntstuk of as 'n sinnebeeld van geld vervaardig of uitgereik nie, behalwe deur die munt of volgens bestelling van die Regering van die Republiek.

(2) Iemand wat in stryd met sub-artikel (1) handel, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand.

14. Elke ooreenkoms, verkoop, betaling, wissel, promesse, dokument, en sekuriteit vir geld, en elke transaksie, onderhandeling, aangeleentheid en saak van watter aard ook met betrekking tot geld, of wat die betaling van geld of die aanspreeklikheid om geld te betaal, meebring, wat gemaak, verly, of aangegaan, gedoen of uitgevoer word in die Republiek, word gemaak, verly of aangegaan, gedoen of uitgevoer ooreenkomstig die munte wat gangbare munte en wettige betaalmiddels kragtens hierdie Wet is en op geen ander wyse nie, tensy dit gemaak, verly

unless the same be made, executed, entered into, done or had according to the currency of some foreign State.

15. Any reference in any law, deed, instrument, security for money or other document or in any contract or agreement, whether in writing or not, and any reference in any other manner whatsoever, to an amount determined on the basis of the coins specified in the Schedule to the Coinage Act, 1922 (Act No. 31 of 1922), shall be construed as including a reference to an equivalent amount determined on the basis of the coins specified in sub-section (1) of section eleven and in accordance with the respective values of such lastmentioned coins in comparison with the coins specified in that Schedule as set out in sub-section (2) of the said section, and any such reference to an amount determined on the basis of the coins specified in the said sub-sections shall be construed as including a reference to an equivalent amount determined on the basis of the coins specified in the said Schedule and in accordance with the said respective values.

16. Notwithstanding anything contained in this Act, all gold, silver and bronze coins made and issued under any prior law, shall, until they are called in in accordance with the provisions of this Act, remain in circulation in all respects as if this Act had not been passed.

CHAPTER III. OFFENCES.

17.(1) Any person who removes from the premises of the mint, without lawful authority or excuse —

- (a) any matrix, master punch, die, collar, piercing and cutting tool, pattern or mould, or any other tool, machine, engine, instrument or thing used or employed in or about the coining of coins or medals, or any useful part of the several matters aforesaid;
- (b) any coin, medal or bullion,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding four hundred rand, or to imprisonment for a period not exceeding two years, or to both such fine and such imprisonment.

(2) For the purposes of this section "bullion" means any gold, silver, nickel, gold alloys, silver alloys, nickel alloys, or bronze or other minting alloys in the form of ingots, bars, strips, sheets, scissel, cuttings, granules, rejected coins or medals, blanks, filings, sweepings, dross, scrap, or wire.

18. (1) Any person who is found in possession of any blank or defective coin or medal of the size, shape and metal composition of any coin or medal that is coined at the mint, and is unable to account satisfactorily for such possession, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding four hundred rand, or to imprisonment for a period not exceeding two years, or to both such fine and such imprisonment.

(2) For the purposes of this section a coin or medal shall be regarded as defective, if it has been wrongly manufactured, and would accordingly be unfit for issue as a proper coin or medal, in accordance with the standards of manufacture employed at the mint.

19. Any person who fraudulently inserts or uses in a machine that vends merchandise or services or collects fares or tolls, anything that is intended to pass for the coin or the token of value that the machine is designed to receive in exchange for the merchandise, service, fare or toll, as the case may be, shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalty prescribed by law for the crime of fraud.

CHAPTER IV. MISCELLANEOUS PROVISIONS.

20. (1) The State President may, by proclamation in the *Gazette*, do all or any of the following things:

of aangegaan, gedoen of uitgevoer word ooreenkomstig die gangbare munt van 'n buitelandse Staat.

15. 'n Verwysing in 'n wet, akte, instrument, sekuriteit vir geld of ander dokument of in 'n kontrak of ooreenkoms, hetsy in skrif al dan nie, en 'n verwysing op enige ander wyse hoegenaamd, na 'n bedrag bepaal op grondslag van die munte in die Bylae by die „Munt Wet, 1922" (Wet No. 31 van 1922), vermeld, word uitgelê ook as 'n verwysing na 'n gelyke bedrag bepaal op grondslag van die munte in sub-artikel (1) van artikel *elf* vermeld en ooreenkomstig die onderskeie waardes van laasbedoelde munte in vergelyking met die munte in daardie Bylae vermeld, soos in sub-artikel (2) van genoemde artikel uiteengesit, en so 'n verwysing na 'n bedrag bepaal op grondslag van die munte in bedoelde sub-artikels vermeld, word uitgelê ook as 'n verwysing na 'n gelyke bedrag bepaal op grondslag van die munte in daardie Bylae vermeld en ooreenkomstig bedoelde onderskeie waardes.

16. Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet, bly alle munte van goud, silwer en brons kragtens 'n vorige wet vervaardig en uitgereik, totdat hulle ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet ingetrek word, in omloop in alle opsigte asof hierdie Wet nie aangeneem was nie.

HOOFSTUK III. MISDRYWE.

17. (1) Iemand wat sonder wettige magtiging of verontskuldiging —

- (a) enige matrys, meesterstempel, stempel, kraagring, deurslaan- en uitsnywerktuig, model of gietvorm, of enige ander werktuig, masjien, enjin, instrument of ding wat gebruik of aangewend word by of in verband met die aanmunting van muntstukke of medaljes, of enige bruikbare deel van die verskeie voormelde onderwerpe;
- (b) enige muntstuk, medalje of muntmetaal,

van die muntperseel verwyder, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.

(2) By die toepassing van hierdie artikel beteken „muntmetaal" goud, silwer, nikkel, goudalooi, silweralooi, nikkelalooi, of brons of ander aanmuntingsalooi in die vorm van blokke, stawe, stroke, plate, sissel, afknipsels, korrels, afgekeurde muntstukke of medaljes, ongestempelde muntstukke of medaljes, vylsels, veegsels, metaalskuim, skroot of draad.

18. (1) Iemand wat in besit gevind word van 'n ongestempelde of onvolmaakte muntstuk of medalje van die grootte, vorm en metaalsamestelling van 'n muntstuk of medalje wat by die munt aangemunt word, en nie in staat is om 'n bevredigende verklaring van sodanige besit te gee nie, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.

(2) By die toepassing van hierdie artikel word 'n muntstuk of medalje as onvolmaak beskou indien dit verkeerd vervaardig is, en derhalwe ongeskik sou wees om volgens die vervaardigingstandaarde wat by die munt toegepas word as 'n egte muntstuk of medalje uitgereik te word.

19. Iemand wat op 'n bedrieglike wyse in 'n masjien wat handelsware of dienste verkoop of reisgelde of tolgelde invorder, enigiets insit of gebruik wat bedoel is om deur te gaan vir die muntstuk of die teken van waarde wat die masjien ontwerp is om te ontvang in ruil vir die handelsware, diens, reisgeld of tolgeld, na gelang van die geval, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die straf wat regtens vir die misdryf bedrog voorgeskryf word.

HOOFSTUK IV. DIVERSE BEPALINGS.

20. (1) Die Staatspresident kan by proklamasie in die *Staatskoerant* al of enige van die volgende dinge doen:

- (a) Determine the dimensions of and design for any Republican coin;
- (b) diminish the amount of remedy allowed by the First Schedule in the case of any Republican coin;
- (c) determine the least current weight of any Transvaal or Republican coin;
- (d) call in Transvaal coins or Republican coins of any date or denomination;
- (e) revoke or alter any such proclamation previously issued.

(2) Every proclamation issued under this section shall come into operation on a date therein specified and shall have effect as if its provisions were enacted in this Act.

21. (1) The State President may make regulations, not inconsistent with this Act —

- (a) concerning the conduct of the business of the mint; and
- (b) prescribing all matters and things which are necessary or convenient to be prescribed for carrying out the purposes of and for giving full effect to this Act.

(2) Any regulations made under any law repealed by this Act and in force at the commencement thereof, shall, in so far as the provisions thereof are not inconsistent with this Act, remain in full force and effect until amended or repealed under this section.

22. Anything to the contrary notwithstanding in the Public Debt Commissioners Act, 1911 (Act No. 18 of 1911), the Treasury is hereby empowered to use deposits (as in that Act defined) for the purchase of metals for coinage.

23. Notwithstanding anything to the contrary contained in this Act, the Minister may from time to time authorize the withdrawal from circulation of so many coins as he may deem to be in excess of requirements, and coins withdrawn in accordance with any such authority may be dealt with as if they had been called in in terms of section *twenty* of this Act.

24. This Act and any amendment thereof shall apply also in the territory of South West Africa, including that portion of the said territory known as the Eastern Caprivi Zipfel and referred to in sub-section (3) of section *three* of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act No. 55 of 1951), and in relation to all persons in that portion of the said territory known as the "Rehoboth Gebiet" and defined in the First Schedule to Proclamation No. 28 of 1923 of the Administrator of that territory.

25. (1) Subject to the provisions of sub-sections (2), (3) and (4), the laws specified in the Second Schedule to this Act are hereby repealed to the extent set out in the third column thereof.

(2) Any proclamation issued and anything done under any provision of any law repealed by this Act shall be deemed to have been issued or done under the corresponding provision of this Act.

(3) Notwithstanding the repeal of sections *nine* to *fifteen*, inclusive, of the South African Mint Act, 1941 (Act No. 16 of 1941), any provision thereof which at the commencement of this Act applied to or in relation to any person, shall continue to apply to or in relation to that person in all respects as if the said sections had not been repealed.

(4) Notwithstanding the repeal of section *one* of the Decimal Coinage Act, 1959 (Act No. 61 of 1959), the Minister may, until a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*, continue to cause to be made and issued gold, silver and bronze coins of the denominations set out in the first column of the table in paragraph (a) of sub-section (2) of the said section in all respects as if the said section had not been repealed: Provided that no such coin shall be made after a coin of a corresponding denomination has been made and issued under this Act.

- (a) Die grootte van en die ontwerp vir 'n Republikeinse muntstuk vasstel;
- (b) die remedie deur die Eerste Bylae toegelaat in die geval van 'n Republikeinse muntstuk verminder;
- (c) die geringste gangbare gewig van 'n Transvaalse of Republikeinse muntstuk vasstel;
- (d) Transvaalse muntstukke of Republikeinse muntstukke van enige datum of denominasie intrek;
- (e) enige sodanige proklamasie tevore uitgevaardig, herroep of verander.

(2) Elke proklamasie kragtens hierdie artikel uitgevaardig, tree in werking op 'n datum daarin vermeld, en het regsrag asof die bepalings daarvan in hierdie Wet opgeneem is.

21. (1) Die Staatspresident kan regulasies uitvaardig wat nie met hierdie Wet in stryd is nie —

- (a) wat betref die bestuur van die munt se sake; en
- (b) wat alle aangeleenthede en sake voorskryf wat nodig of dienstig is om voor te skryf ten einde die doeleindes van hierdie Wet uit te voer en om ten volle gevolg aan hierdie Wet te gee.

(2) Regulasies wat kragtens 'n by hierdie Wet herroep wetsbepaling uitgevaardig en by die inwerkingtreding daarvan van krag is, bly, in soverre die bepalings daarvan nie met hierdie Wet strydig is nie, ten volle van krag en in werking totdat hulle kragtens hierdie artikel gewysig of herroep word.

22. Ondanks andersluidende bepalings in die „Openbare Schuld Kommissarissen Wet, 1911" (Wet No. 18 van 1911), word die Tesourie hierby gemagtig om deposito's (soos deur daardie Wet omskryf) aan te wend vir die aankoop van metale vir aanmunting.

23. Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet, kan die Minister van tyd tot tyd die onttrekking aan omloop magtig van soveel munte as wat hy meer as die behoeftes ag, en met munte ingevolge enige sodanige magtiging onttrek, kan gehandel word asof hulle ingevolge die bepalings van artikel *twintig* van hierdie Wet ingetrek is.

24. Hierdie Wet en enige wysiging daarvan is ook van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van daardie deel van genoemde gebied wat bekend staan as die Oostelike Caprivi Zipfel en wat in sub-artikel (3) van artikel *drie* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951), vermeld word, en ook met betrekking tot alle persone in dié deel van genoemde gebied wat bekend staan as die „Rehoboth Gebiet" en wat in die Eerste Bylae by Proklamasie No. 28 van 1923 van die Administrateur van daardie gebied omskryf word.

25. (1) Onderworpe aan die bepalings van sub-artikels (2), (3) en (4), word die wette in die Tweede Bylae by hierdie Wet vermeld, hierbo herroep in die mate in die derde kolom daarvan uiteengesit.

(2) 'n Proklamasie uitgevaardig en enigiets gedoen kragtens 'n bepaling van 'n wet wat deur hierdie Wet herroep word, word geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet uitgevaardig of gedoen te gewees het.

(3) Ondanks die herroeping van artikels *nege* tot en met *vyftien* van die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt, 1941 (Wet No. 16 van 1941), hou enige bepaling daarvan wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet op of met betrekking tot 'n persoon van toepassing was, aan om op of met betrekking tot daardie persoon van toepassing te wees in alle opsigte asof genoemde artikels nie herroep was nie.

(4) Ondanks die herroeping van artikel *een* van die Wet op Desimale Munt, 1959 (Wet No. 61 van 1959), kan die Minister, tot 'n datum deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal, voortgaan om munte van goud, silwer en brons van die denominasies in die eerste kolom van die tabel in paragraaf (a) van sub-artikel (2) van genoemde artikel uiteengesit, te laat vervaardig en uitreik in alle opsigte asof genoemde artikel nie herroep was nie: Met dien verstande dat so 'n munt nie vervaardig mag word nadat 'n munt van 'n ooreenstemmende denominasie kragtens hierdie Wet vervaardig en uitgereik is nie.

26. This Act shall be called the South African Mint and Coinage Act, 1964, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

26. Hierdie Wet heet die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt en Munte, 1964, en tree in werking op 'n datum deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

FIRST SCHEDULE.

Denomination of coin.	Standard Weight. Grams.	Least Current Weight. Grams.	Standard Fineness.	Remedy Allowance.	
				Weight per piece. Grams.	Millesimal Fineness.
Gold:					
Tronjan	33.9305	33.7205	Eleven-twelfths fine gold, one-twelfth alloy; or millesimal fineness 916.6.	.06512	2
Five rand	19.97014	19.84468		.03240	2
Two rand	7.98805	7.93787		.01296	2
Rand	3.99402	3.96083		.00972	2
Silver:					
Rand	15.0	—	Eight-tenths fine silver, two-tenths alloy; or millesimal fineness 800.	.084	6
Two-and-a-half cents	1.41379	—	Five-tenths fine silver, five-tenths alloy; or millesimal fineness 500.	.0138	8
Nickel:					
Fifty cents	9.5	—	Minimum of 98.00 parts per hundred nickel.	.19	None
Twenty cents	6.0	—		.11	
Ten cents	4.0	—		.07	
Five cents	2.5	—		.05	
Two-and-a-half cents	1.41379	—		.04	
Bronze:					
Two cents	4.0	—	Mixed metal: copper, tin and zinc.	.08	None
Cent	3.0	—		.06	
half-cent	2.0	—		.04	

EERSTE BYLAE.

Denominasie van Munt.	Standaard-gewig. Gramme.	Geringste Gangbare Gewig. Gramme.	Standaardfynheid.	Toegelate Remedie.	
				Gewig per Muntstuk Gramme.	Fynheid per duisend dele.
Goud:					
Trojaan	33.9305	33.7205	Elf-twaalftes fyn goud, een-twaalftede alloori; of per duisend dele, 916.6 fynheid.	.06512	2
Vyf rand	19.97014	19.84468		.03240	2
Twee rand	7.98805	7.93787		.01296	2
Rand	3.99402	3.96083		.00972	2
Silwer:					
Rand	15.0	—	Agt-tiendes fyn silwer, twee-tiendes alloori; of per duisend dele, 800 fynheid.	.084	6
Twee-en-'n-half sent	1.41379	—	Vyf-tiendes fyn silwer, vyf-tiendes alloori; of per duisend dele, 500 fynheid.	.0138	8
Nikkel:					
Vyftig sent	9.5	—	Minimum van 98.00 dele per honderd nikkel.	.19	Geen
Twintig sent	6.0	—		.11	
Tien sent	4.0	—		.07	
Vyf sent	2.5	—		.05	
Twee-en-'n-half sent	1.41379	—		.04	
Brons:					
Twee sent	4.0	—	Gemengde metaal: koper, tin en sink.	.08	Geen
Sent	3.0	—		.06	
Halfsent	2.0	—		.04	

SECOND SCHEDULE.

TWEEDE BYLAE.

No. and year of law.	Title.	Extent of repeal.	No. en jaar van wet.	Titel.	In hoeverre herroep.
Act No. 31 of 1922	Coinage Act, 1922	The whole.	Wet No. 31 van 1922	„Munt Wet, 1922”	Die geheel.
Act No. 16 of 1941	South African Mint Act, 1941	The whole.	Wet No. 16 van 1941	Wet op die Suid-Afrikaanse Munt, 1941	Die geheel.
Act No. 37 of 1943	Finance Act, 1943	Section <i>nineteen</i> .	Wet No. 37 van 1943	Finansiewet, 1943	Artikel <i>negen-tien</i> .
Act No. 34 of 1946	South African Mint Amendment Act, 1946	The whole.	Wet No. 34 van 1946	Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Munt, 1946	Die geheel.

Act No. 57 of 1946	Finance Act, 1946	Section <i>twenty-two</i> .	Wet No. 57 van 1946	Finansiewet, 1946	Artikel <i>twee-en-twintig</i> .
Act No. 4 of 1951	Coinage Amendment Act, 1951	The whole.	Wet No. 4 van 1951	Munt-wysigingswet, 1951	Die geheel.
Act No. 11 of 1952	Coinage Amendment Act, 1952	The whole.	Wet No. 11 van 1952	Munt-wysigingswet, 1952	Die geheel.
Act No. 61 of 1959	Decimal Coinage Act, 1959	Sections <i>one and two</i> .	Wet No. 61 van 1959	Wet op Desimale Munt, 1959	Artikels <i>een en twee</i> .
Act No. 76 of 1961	Finance Act, 1961	Section <i>three</i> .	Wet No. 76 van 1961	Finansiewet, 1961	Artikel <i>drie</i> .
Act No. 77 of 1962	Finance Act, 1962	Section <i>twenty-three</i> .	Wet No. 77 van 1962	Finansiewet, 1962	Artikel <i>drie-en-twintig</i> .

No. 80, 1964 (Republic).]

ACT

To amend the Slums Act, 1934, the National Roads Act, 1935, the Arms and Ammunition Act, 1937, the Deeds Registries Act, 1937, the Prescription Act, 1943, the Magistrates' Courts Act, 1944, the Commissions Act, 1947, the Population Registration Act, 1950, the Suppression of Communism Act, 1950, the Patents Act, 1952, the Wills Act, 1953, the Criminal Procedure Act, 1955, the General Law Amendment Act, 1955, the Group Areas Development Act, 1955, the General Law Amendment Act, 1956, the Group Areas Act, 1957, the Prevention of Corruption Act, 1958, the Prisons Act, 1959, the Stock Theft Act, 1959, the Supreme Court Act, 1959, and the Justices of the Peace and Commissioners of Oaths Act, 1963.

(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 20th June, 1964.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

14. (1) Section *ten* of the Suppression of Communism Act, 1950, is hereby amended—

- (a) by the substitution in paragraph (a) *ter* of sub-section (1) for the expression "1964" of the expression "1965";
- (b) by the insertion after paragraph (b) of sub-section (1) of the following paragraph:

"(c) While any notice issued under paragraph (a) or paragraph (a) read with paragraph (a) *bis* is in force, the period of the prohibition in question specified in such notice may be extended by a notice under the hand of the Minister addressed and delivered or tendered to the person concerned."

(2) Sub-section (1) shall be deemed to have come into operation on the second day of May, 1963.

15. Section eleven of the Suppression of Communism Act, 1950, is hereby amended by the substitution in paragraph (b) *ter* for the words "undergone any training outside the Republic or obtained any information from a source outside the Republic of the words "and in the Republic or elsewhere, undergone, or attempted, consented or taken any steps to undergo, or incited, instigated, commanded, aided, advised, encouraged or procured any other person to undergo any training, or obtained any information" and the insertion in the said paragraph after the word "undergo" of the words "or attempt, consent or take any steps to undergo, or incite, instigate, command, aid, advise encourage or procure such other person to undergo,".

20. Section *two* of the Wills Act, 1953, is hereby amended—

- (a) by the substitution in sub-paragraph (iv) of paragraph (a) of sub-section (1) for the word "is"

No. 80, 1964 (Republiek).]

WET

Tot wysiging van die Slumswet, 1934, die Wet op Nasionale Paaie, 1935, die Wapens- en Ammunisiewet, 1937, die Registrasie van Aktes Wet, 1937, die Verjaringswet, 1943, die Wet op Landdroshowe, 1944, die Kommissiewet, 1947, die Bevolkingsregistrasiewet, 1950, die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950, die Wet op Patente, 1952, die Wet op Testamente, 1953, die Strafprosedewet, 1955, die Algemene Regswysigingswet, 1955, die Wet op die Ontwikkeling van Groepsgebiede, 1955, die Algemene Regswysigingswet, 1956, die Wet op Groepsgebiede, 1957, die Wet op die Voorkoming van Korrupsie, 1958, die Wet op Gevangenis, 1959, die Wet op Veediefstal, 1959, die Wet op die Hooggeregshof, 1959, en die Wet op Vrederegters en Kommissaris van Ede, 1963.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 20 Junie 1964.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

14. (1) Artikel *tien* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950, word hierby gewysig—

- (a) deur in paragraaf (a) *ter* van sub-artikel (1) die uitdrukking „1964” deur die uitdrukking „1965” te vervang;
- (b) deur na paragraaf (b) van sub-artikel (1) die volgende paragraaf in te voeg:

„(c) Terwyl 'n kragtens paragraaf (a) of paragraaf (a) gelees met paragraaf (a) *bis* uitgevaardigde kennisgewing van krag is, kan die in bedoelde kennisgewing bepaalde tydperk van die betrokke verbod verleng word by 'n deur die Minister ondertekende kennisgewing aan die betrokke persoon gerig en aan hom oorhandig aangebied."

(2) Sub-artikel (1) word geag op die tweede dag van Mei 1963 in werking te getree het.

15. Artikel *elf* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950, word hierby gewysig deur in paragraaf (b) *ter* die woorde „enige opleiding buite die Republiek ontvang het of uit 'n bron buite die Republiek deur die woorde „en in die Republiek of elders enige opleiding ontvang het, of gepoog, ingewillig of enige stappe gedoen het om enige opleiding te ontvang, of iemand anders uitgelok, aangestig, beveel, hulp verleen, aangeraai, aangemoedig of verkry het om enige opleiding te ontvang, of” te vervang en na die woorde „opleiding ontvang” die woorde „het of gepoog, ingewillig of enige stappe gedoen het om dit te ontvang, of so iemand anders uitgelok, aangestig, beveel, hulp verleen, aangeraai, aangemoedig of verkry het om dit te ontvang,” in te voeg.

20. Artikel *twee* van die Wet op Testamente, 1953, word hierby gewysig —

- (a) deur in sub-paragraaf (iv) van paragraaf (a) van sub-artikel (1) die woorde „elke bladsy” deur d

of the words "other than the page on which it ends, is also" and the insertion in the said sub-paragraph after the word "witnesses" of the words "anywhere on the page";

- (b) by the substitution for sub-paragraph (v) of the said paragraph (a) of the following sub-paragraph:

"(v) if the will is signed by the testator by the making of a mark or by some other person in the presence and by the direction of the testator, a magistrate, justice of the peace, commissioner of oaths or notary public certifies at the end thereof that he has satisfied himself as to the identity of the testator and that the will so signed is the will of the testator, and if the will consists of more than one page, each page other than the page on which it ends, is also signed, anywhere on the page, by the magistrate, justice of the peace, commissioner of oaths or notary public who so certifies;"

21. (1) The following section is hereby substituted for section *eight* of the Wills Act, 1953:

"Application of Act to South West Africa.

8. This Act and any amendment thereof which may be made from time to time shall apply also in the territory of South-West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel referred to in section *three* of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act No. 55 of 1951)."

(2) Sub-section (1) shall be deemed to have come into operation on the date of commencement of the Wills Act, 1953.

37. Section *ninety-four* of the Prisons Act, 1959, is hereby amended—

- (a) by the insertion after paragraph (b) of sub-section (1) of the following paragraph:

(b) *bis* the establishment, management and control of a fund to provide for medical, dental and hospital treatment of members of the Prisons Service who retired or retire on pension on or after the first day of January, 1964, and their families and of the families of members of the Prisons Service who died or die on or after the said date, the class of members of the Prisons Service or other persons who shall be or may become members of the fund, the scale or aggregate amount of contributions (if any) to be made to the fund by any particular class of members thereof, the termination of membership of the fund, the rights, privileges and obligations of members of the fund, and generally all matters reasonably necessary for the regulation and operation of such fund;"

- (b) by the insertion after sub-section (1) of the following sub-section:

"(1) *bis* Regulations under paragraph (b) *bis* of sub-section (1) may provide for benefits in respect of medical, dental and hospital treatment on the basis applicable in respect of members of the Prisons Service and their families under this Act, subject to payment for such benefits from a fund established by or under such regulations, on such basis as may be specified in or determined in accordance with such regulations.";

- (c) by the deletion in sub-section (2) of the word "such", where it occurs for the first time.

40. The following section is hereby inserted after section *nineteen* of the Supreme Court Act, 1959:

"Reference of particular matters for investigation by referee.

19*bis*. (1) In any civil proceedings any court of a provincial or local division may, with the consent of the parties, refer—

- (a) any matter which requires extensive examination of documents or scientific,

woorde „elke ander bladsy as die bladsy waarop dit eindig, ook" te vervang en na die woorde „onderteken word" die woorde „op enige plek op die bladsy" in te voeg;

- (b) deur sub-paragraaf (v) van genoemde paragraaf (a) deur die volgende sub-paragraaf te vervang:

„(v) indien die testament deur die erflater deur die maak van 'n merk of deur iemand anders in teenwoordigheid en in opdrag van die erflater onderteken word, 'n magistraat, vrederegter, kommissaris van ede of notaris aan die end daarvan sertifiseer dat hy homself oortuig het van die identiteit van die erflater en dat die aldus ondertekende testament die testament van die erflater is, en indien die testament meer dan een bladsy beslaan, elke ander bladsy as die bladsy waarop dit eindig, ook deur die magistraat, vrederegter, kommissaris van ede of notaris wat aldus sertifiseer, onderteken word op enige plek op die bladsy;"

21. (1) Artikel *agt* van die Wet op Testamente, 1953, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Toepassing van Wet op Suidwes Afrika.

8. Hierdie Wet en enige wysiging daarvan wat van tyd tot tyd aangebring word, is ook van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel vermeld in artikel *drie* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951)."

(2) Sub-artikel (1) word geag op die datum van inwerkingtreding van die Wet op Testamente, 1953, in werking te getree het.

37. Artikel *vier-en-negentig* van die Wet op Gevangenis, 1959, word hierby gewysig—

- (a) deur na paragraaf (b) van sub-artikel (1) die volgende paragraaf in te voeg:

„(b) *bis* die instelling, bestuur en beheer van 'n fonds om voorsiening te maak vir geneeskundige, tandheelkundige en hospitaalbehandeling van lede van die Gevangenisdiens wat op of na die eerste dag van Januarie 1964 met pensioen afgetree het of aftree, en hul gesinne en van die gesinne van lede van die Gevangenisdiens wat op of na bedoelde datum te sterwe gekom het of sterf, die klas van lede van die Gevangenisdiens of ander persone wat lede van die fonds is of kan word, die skaal of totale bedrag van bydraes (indien enige) wat deur enige bepaalde klas van lede van die fonds daartoe gelewer moet word, die beëindiging van lidmaatskap van die fonds, die regte, voorregte en verpligtinge van lede van die fonds, en oor die algemeen alle aangeleenthede wat redelikerwys vir die reëling en werking van die fonds nodig is;"

- (b) deur na sub-artikel (1) die volgende sub-artikel in te voeg:

„(1) *bis* Regualsies kragtens paragraaf (b) *bis* van sub-artikel (1) kan voorsiening maak vir voordele ten opsigte van geneeskundige, tandheelkundige en hospitaalbehandeling op die grondslag wat kragtens hierdie Wet ten opsigte van lede van die Gevangenisdiens en hul gesinne geld, teen betaling vir bedoelde voordele uit 'n deur of kragtens bedoelde regulasies ingestelde fonds, op die grondslag wat in bedoelde regulasies vermeld word of ooreenkomstig bedoelde regulasies bepaal word.";

- (c) deur in sub-artikel (2) die woorde „So 'n regulasie" deur die woorde „'n Regulasie" te vervang.

40. Die volgende artikel word hierby na artikel *negentig* van die Wet op die Hooggeregshof, 1959, ingevoeg:

„Verwysing van bepaalde aangeleenthede vir ondersoek deur skeidsregter.

19*bis*. (1) 'n Hof van 'n provinsiale of plaaslike afdeling kan, in 'n siviele geding, met die toestemming van die partye—

- (a) enige aangeleentheid wat 'n uitgebreide ondersoek van dokumente of wetenskap-

technical or local investigation which in the opinion of the court cannot be conveniently conducted by it; or

- (b) any matter which relates wholly or in part to accounts; or
- (c) any other matter arising in such proceedings, for enquiry and report to a referee, and the court may adopt the report of any such referee, either wholly or in part, and either with or without modifications, or may remit such report for further enquiry or report or consideration by such referee, or make such other order in regard thereto as may be necessary or desirable.

(2) Any such report or any part thereof which is adopted by the court, whether with or without modifications, shall have effect as if it were a finding by the court in the civil proceedings in question.

(3) Any such referee shall for the purpose of such enquiry have such powers and shall conduct the enquiry in such manner as may be prescribed by a special order of court or by rules of court.

(4) For the purpose of procuring the attendance of any witness (including any witness detained in custody under any law) and the production of any document or thing before a referee, an enquiry under this section shall be deemed to be civil proceedings.

- (5) (a) Any person summoned to appear and give evidence or produce any document or thing before a referee, who, without sufficient cause, fails to attend at the time and place specified or to remain in attendance until the conclusion of the enquiry or until he is excused by the referee from further attendance, or refuses to be sworn or to make affirmation as a witness, or having been sworn or having made affirmation, fails to answer fully and satisfactorily any question put to him, or fails to produce any document or thing in his possession or custody or under his control, which he was summoned to produce, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand or to imprisonment for a period not exceeding three months.
- (b) Any person who after having been sworn or having made affirmation, gives false evidence before a referee at an enquiry, knowing such evidence to be false or not knowing or believing it to be true, shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties prescribed by law for perjury.

(6) Any referee shall be entitled to such remuneration as may be prescribed by the rules of court or, if no such remuneration has been so prescribed, as the court may determine, and to any reasonable expenditure incurred by him for the purposes of the enquiry, and any such remuneration and expenditure shall be taxed by the taxing master of the court and shall be costs in the cause."

41. Section *twenty* of the Supreme Court Act, 1959, is hereby amended by the substitution for paragraph (d) of sub-section (3)*bis* of the following paragraph:

"(d) by one parent against the other for interim access to a child when a matrimonial action between the parents is pending or is about to be instituted."

like, tegniese of plaaslike ondersoek verg wat na die oordeel van die hof nie gereedelik deur die hof ingestel kan word nie; of

- (b) enige aangeleentheid wat geheel en al of gedeeltelik op rekeninge betrekking het; of
- (c) enige ander aangeleentheid wat uit bedoelde geding voortspruit,

vir ondersoek en verslag na 'n skeidsregter verwys, en die hof kan die verslag van so 'n skeidsregter in sy geheel of gedeeltelik aanvaar, met of sonder wysigings, of kan so 'n verslag vir verdere ondersoek of verslag of oorweging deur bedoelde skeidsregter terugverwys, of 'n ander bevel ten opsigte daarvan uitvaardig wat nodig of wenslik is.

(2) So 'n verslag of enige deel daarvan wat deur die hof aanvaar word, hetsy met of sonder wysigings, het die uitwerking van 'n bevinding van die hof in die betrokke siviele geding.

(3) So 'n skeidsregter het vir die doeleindes van bedoelde ondersoek die bevoegd-hede en behartig die ondersoek op die wyse wat by 'n spesiale hofbevel of by die hofreëls voorgeskryf word.

(4) Vir die doeleindes van die verkryging van die aanwesigheid van 'n getuie (met inbegrip van 'n getuie wat kragtens 'n wetsbepaling in hegtenis gehou word) en die oorlegging van 'n dokument of saak voor 'n skeidsregter, word 'n ondersoek kragtens hierdie artikel 'n siviele geding geag.

- (5) (a) Iemand wat gedagvaar is om voor 'n skeidsregter te verskyn en getuie af te lê of 'n dokument of saak oor te lê, en wat sonder voldoende rede in gebreke bly om op die bepaalde tyd en plek aanwesig te wees of om aanwesig te bly totdat die ondersoek voltooi is of totdat die skeidsregter hom verloor gee om nie meer aanwesig te wees nie, of weier om as getuie die eed of 'n plegtige verklaring af te lê, of wat na eedaflegging of die aflê van 'n plegtige verklaring, in gebreke bly om 'n vraag aan hom gestel volledig en op bevredigende wyse te beantwoord of wat in gebreke bly om 'n dokument of saak in sy besit of bewaring of onder sy beheer, en tot oorlegging waarvan hy gedagvaar is, oor te lê, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

- (b) Iemand wat na eedaflegging of die aflê van 'n plegtige verklaring valse getuie-nis voor 'n skeidsregter by 'n ondersoek aflê, met die wete dat die getuie-nis vals is of sonder dat hy weet of glo dat dit waar is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die regtens voorgeskrewe strawwe vir meined.

(6) 'n Skeidsregter is geregtig op die besoldiging wat by die hofreëls voorgeskryf word of, indien geen sodanige besoldiging aldus voorgeskryf is nie, wat die hof bepaal, en op enige redelike uitgawes deur hom vir die doeleindes van die ondersoek aangeaan, en sodanige besoldiging en uitgawes word deur die takseermeester van die hof getakseer en is koste in die geding."

41. Artikel *twintig* van die Wet op die Hooggeregshof, 1959, word hierby gewysig deur paragraaf (d) van subartikel (3)*bis* deur die volgende paragraaf te vervang:
„(d) deur een ouer teen die ander om tussentydse toegang tot 'n kind wanneer 'n huweliksgeding tussen die ouers aanhangig is of op die punt staan om ingestel te word."

42. Section *forty-three* of the Supreme Court Act, 1958, is hereby amended by the insertion after paragraph (c) of sub-section (3) of the following paragraph:

“(c)*bis* the practice and procedure in connection with the reference of any matter to a referee in terms of section *nineteen bis* and the remuneration payable to any such referee;”.

47. This Act shall be called the General Law Amendment Act, 1964.

42. Artikel *drie-en-veertig* van die Wet op die Hooggeregshof, 1959, word hierby gewysig deur na paragraaf (c) van sub-artikel (3) die volgende paragraaf in te voeg:

„(c)*bis* die praktyk en prosedure in verband met die verwysing van 'n aangeleentheid na 'n skeidsregter ingevolge artikel *negentien bis* en die besoliging aan so 'n skeidsregter betaalbaar;”.

47. Hierdie Wet heet die Algemene Regswysigingswet, 1964.

No. 81, 1964.]

ACT

To amend the Defence Act, 1957.

(English text signed by the State President.)
(Assented to 24th June, 1964.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. Section *twenty-one* of the Defence Act, 1957 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

- (a) by the insertion after the word “of”, where it occurs for the first time, of the words “sub-paragraph (ii) of paragraph (c) of sub-section (2) of section *twenty-two* and”; and
- (b) by the insertion after the word “under” in the proviso of the words “sub-paragraph (i) of”.

2. Section *twenty-two* of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for paragraph (c) of sub-section (2) of the following paragraph:

“(c) Any exemption board appointed under section *sixty-eight* may, notwithstanding anything to the contrary in this sub-section contained, in any particular case on grounds of educational or vocational training or ill-health or such other grounds as it may deem sufficient—

- (i) authorize the deferment of any period of continuous training or of a portion of any such period but in such a manner that the continuous training to which the member concerned is liable, shall be completed not later than three years after the date on which his continuous training would but for any such deferment, have been completed; or
- (ii) in consultation with a prescribed officer, direct that the service of the member concerned in the Citizen Force be terminated forthwith and that he be enrolled with a commando in terms of section *thirty-five*.”; and

- (b) by the addition of the following sub-section:

“(7) The provisions of section *sixty-nine* shall *mutatis mutandis* apply in respect of the performance by a board appointed under section *sixty-eight* of its functions under paragraph (c) of sub-section (2) of this section.”.

3. Section *twenty-three* of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the insertion in sub-section (3) after the word “shall”, where it occurs for the second time, of the words “subject to the provisions of paragraph (c) of sub-section (4),”;
- (b) by the substitution for paragraph (c) of sub-section (4) of the following paragraph:

“(c) Any exemption board appointed under section *sixty-eight* may, notwithstanding anything

No. 81, 1964 (Republiek).]

WET

Tot wysiging van die Verdedigingswet, 1957.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 24 Junie 1964.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel *een-en-twintig* van die Verdedigingswet, 1957 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

- (a) deur na die woord „van”, waar dit die eerste maal voorkom, die woorde „sub-paragraaf (ii) van paragraaf (c) van sub-artikel (2) van artikel *twee-en-twintig* en” in te voeg; en
- (b) deur na die woord „kragtens” in die voorbehoudsbepaling die woorde „sub-paragraaf (i) van” in te voeg.

2. Artikel *twee-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur paragraaf (c) van sub-artikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(c) Enige kragtens artikel *agt-en-sestig* benoemde vrystellingsraad kan, ondanks andersluidende bepalings in hierdie sub-artikel, in enige besondere geval op grond van opvoedkundige of beroepsopleiding of swak gesondheid of ander gronde wat hy genoegsaam ag—

- (i) magtiging verleen vir die uitstel van enige tydperk van ononderbroke opleiding of van 'n gedeelte van enige sodanige tydperk maar op so 'n wyse dat die ononderbroke opleiding waartoe die betrokke lid verplig kan word, nie later voltooi word nie as hoogstens drie jaar na die datum waarop sy ononderbroke opleiding, by ontstentenis van so 'n uitstel, voltooi sou gewees het; of
- (ii) in oorlog met 'n voorgeskrewe offisier, gelas dat die betrokke lid se diens in die Burgermag onverwyld beëindig word en dat hy ingevolge artikel *vyf-en-dertig* by 'n kommando ingeskryf word.”; en

- (b) deur die volgende sub-artikel by te voeg:

„(7) Die bepalings van artikel *nege-en-sestig* is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die verrigting deur 'n vrystellingsraad benoem kragtens artikel *agt-en-sestig* van sy werksaamhede kragtens paragraaf (c) van sub-artikel (2) van hierdie artikel”.

3. Artikel *drie-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur in sub-artikel (3) na die woord „is”, waar dit die eerste maal voorkom, die woorde „behoudens die bepalings van paragraaf (c) van sub-artikel (4),” in te voeg;
